ALMANAK

EN

BYBELSE DAGBOEK

★

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

1972

Uitgegee vanweë die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk

★

66ste JAARGANG

★

PRYS 70c

LEWERANSIERS VAN PAPIER

DRUKKERSMASJINERIE- EN

BEHORE AAN DIE HANDEL

EN VERWANTE INDUSTRIE

—O—

HANDELSNAVRAE:

PRESS SUPPLIES LIMITED

Posbus 7591	Posbus 2401	Posbus 1706
Johannesburg	Kaapstad	Durban
Tel. 834-6401/5	Tel. 24791	Tel. 6-9585

ALMANAK
EN BYBELSE DAGBOEK

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

1972

REDAKSIE:

Hoofredakteur
Ds. T. F. J. Dreyer
Ds. S. E. Young
Redakteur vir Statistieke
Mnr. A. B. van N. Herbst
Kompilator Kerklike Publikasies en Beriggewing
Ds. P. M. Smith

66ste JAARGANG

Gedruk deur die N.H.W.-Pers, Posbus 18061, Hercules.

Inhoudsopgawe

Voorwoord 5

Arbeid Adel — Ds. T. F. J. Dreyer (snr.) 7

Oordenking: Die lewe en dood van seuns — Ds. P. J. J. Venter 10

Saaityd en oestyd — Ds. P. M. Smith 13

Die huisgesin en sy godsdienstige funksie — Dr. A. Breedt 16

Sending in die Ned. Hervormde Kerk van Afrika en die huidige stand — Ds. J. A. P. van Tonder 21

Die hervertolking van die Transvaalse kerkgeskiedenis in die negentiende eeu — Dr. G. D. Duvenhage 25

Die grondslae van die perswese — Carl Nöffke 32

So kom hulle — so gaan hulle:

Ds. Dirk van der Hoff 36

Ds. A. J. Begemann 36

Ds. G. W. Smits 37

Ds. C. W. du Toit 37

Ds. S. P. Viljoen — Ds. A. J. Nolte 38

Oud-Adm. J. H. H. Janson — Ds. T. F. J. Dreyer (snr.) 39

Oudl. T. G. J. Pistorius — Ingestuur 41

Oudl. Gerrie Rossouw — Ds. C. J. S. van Niekerk 43

Oudl. J. L. Venter — Ingestuur 45

Oudl. T. F. (Thom) Dreyer — Prof. dr. F. J. van Zyl 46

Oudl. Hennie Joubert — M. M. Glatthaar 48

Kalenders 49

Statistiese gegewens 71

Bybelse Dagboek ..... na 180

Voorwoord

Die ontdekking van die skryfkuns en baie jare daarna van die drukkuns was gebeurtenisse van uiters groot belang. Daardeur kon onder andere geboekstaaf word wat vir ander ook van belang is, die mense selfs van verskillende wêrelde kon met mekaar kennis maak, met mekaar verbintenisse aanknoop, kennis aan mekaar oordra. Die gesproke woord gaan verlore of word verdraai, verkeerd weergegee. Die geskrewe woord is egter blywend.

Deur die ontdekking kan ons byna 2,000 jaar na Christus nog lees van Sy verlossingswerk, van Sy bemoeiing met die mens deur die eeue heen. Wat dit vir ons geloofslewe, wat dit vir die wêreld beteken, kan nie bereken word nie. Dit is te veel en te groot. Van al die miljoene boeke wat jaarliks in al die baie tale van die wêreld verskyn is die Bybel, die Woord van God, by verre die aller belangrikste. Wat sou die lewe arm gewees het sonder die Bybel!

Benewens die Bybel verskyn daar jaarliks baie Christelike boeke. In ons kerk verskyn daar jaarliks — ons noem dit in alle beskeidenheid — ons welbekende almanak. Dis 'n ou huisvriend wat 'n plek in die huis van elke gesin moet hê.

Ons hoop dat dit ook waar sal wees van hierdie een en van al die ander wat hierna sal verskyn. Mag dit ook vir u van groot betekenis wees. En mag dit meehelp om u beter op hoogte te bring van die kerk waaraan u behoort en van al sy aktiwiteite. Mag dit veral meewerk tot die bloei van die koninkryk van God.

T. F. J. Dreyer Snr.
Hoofredakteur.

Pretoria.

Arbeid Adel

Deur DS. T. F. J. DREYER Snr., Em. predikant.

Na die sondeval in die Paradys het die Here God aan die eerste mens, Adam, gesê:

„In die sweet van jou aangesig sal jy jou brood eet totdat jy terugkeer na die aarde." Genesis 3 vers 19.

Die mooi, eeue-oue spreekwoord: „Arbeid adel" sluit nou hierby aan. Die wyse van alle tye het dit beaam. Om te werk is 'n goddelike opdrag. God roep ons tot arbeid. Daarom moet ons ons daaglikse taak nie sien net as 'n middel of doel om ons brood vir elke dag daardeur te verdien nie. Die werk moet nie as 'n las gesien word nie, 'n las wat ons graag sal wil aflê as dit maar net kan. Nee, ons moet dankbaar wees dat God ons die krag gee en dat ons die geleentheid gebied word om te werk.

Ons moet dit as 'n voorreg beskou om te kan werk. Ons moet ons werk, wat die werk ook al mag wees, nie al sugtend doen nie, maar met blymoedigheid. Ons moet dit doen tot eer van Hom wat ons daartoe geroep het. Die apostel Paulus skryf aan die Kolossense (2:23) „wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie."

In baie lande van die wêreld is daar wat genoem word 'n werkloosheidsvraagstuk. Daar is duisende, soms selfs miljoene wat graag wil werk maar wat geen werk kan vind nie. Daarteenoor is daar helaas ook baie wat nie wil werk nie, wat liewer van genadebrood lewe, wat deur die uitkering aan werklose (die sogenaamde „dole system") deur die Staat nie hoef te werk nie. Hulle parasiteer op die sweet en arbeid van die wat wel werk. Hierdie gebruik in die Sosialistiese lande het 'n mooi oogmerk naamlik om niemand broodgebrek te laat ly nie. Dit werk ongelukkig in baie gevalle luiheid en werkskuheid in die hand.

As ons werk is ons nie slegs verantwoording verskuldig aan die wat oor ons gestel is nie, maar ook aan God wat ons die besondere taak opgelê het. Die gelykenis van die talente toon dat God ons eendag ook sal oordeel na ons werk en die wyse waarop ons met die talente wat Hy ons gegee het gewoeker het.

Die werk wat God ons gee word dikwels halfhartig gedoen met so min inspanning as wat moontlik is. Daar is 'n sekere klas van werker wat nie belang in sy werk stel nie, hy staan daar heeltemal onverskillig teenoor. Hy doen sy werk met die oog op die klok. Die uur van die dag waarin hy die meeste belang stel is wanneer hy sy pen, troffel of graaf kan neerlê.

Van die Christen word verwag om altyd sy beste te gee. Wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag (Pred. 9:10). Moenie jou lyf spaar nie, moenie dink iemand anders kan dit doen nie. As jy jou volle salaris aan die end van die maand verwag moet jy gedurende die maand elke dag jou volle onverdeelde aandag aan jou werk gee.

Die Heilige Skrif dring by ons aan om te werk. Ons word toegeroep: Werk terwyl dit dag is. Moenie wat gedoen moet word uitstel nie. Luiheid word in die Skrif skerp veroordeel. Die apostel Paulus sê: „As iemand nie wil werk nie moet hy ook nie eet nie." Hy word na die miere verwys om hulle voorbeeld na te volg: „Gaan na die mier, luiaard, kyk na sy weë en word wys. Hy wat geen aanvoerder, opsigter of heerser het nie, maak sy brood klaar in die somer, bêre sy voedsel weg in die oestyd. Hoelank, luiaard, sal jy bly lê, wanneer sal jy opstaan uit jou slaap? Nog 'n bietjie slaap, nog 'n bietjie sluimer, nog 'n bietjie hande vou om uit te rus! So kom dan jou armoede soos 'n rondloper en jou gebrek soos 'n gewapende man." Spr. 6:6-11. Wees gewaarsku! Die traagheid en luiheid kan 'n mens duur te staan kom. Die wyse Prediker sê: „Deur allerhande luiheid versak die balkwerk, en deur slapheid van die hande lek die huis." (Pred. 10:18). 'n Luiaard benadeel nie net homself nie en die vir wie hy werk nie. Sy slegte voorbeeld vind soms, helaas, navolging. Daar is ander wat dan sê: Maar waarom sal ek my dan so beywer, ek laat voortaan ook maar slaphang. Die gevolg is selfs die land waarin die luiaard woon en die volk waaraan hy behoort ly skade. Maar nog meer. Ledigheid wat die gevolg is van luiheid lei tot kwaad. Vandaar die spreekwoord: Luiheid is die duiwel se oorkussing.

Hoe is dit in ons land in hierdie opsig? Hoe is die werkvermoë van ons mense? Die Skrif leer dat ons ses dae moet werk en dat ons die sewende dag moet rus. Enige mens het die behoefte om te rus van sy arbeid. As sekere mense in ons land en elders in die wêreld egter hulle sin kry sal die werksdae in die toekoms moontlik nog verminder word en die rusdae vermeerder word. Vakansie speel 'n al groter rol onder ons mense. Net soos ons volk tot 'n sekere mate amper sportmal is, so word ons al meer en meer vakansiemal. Iemand wat gereeld elke jaar oorsee gaan, sê dat in Engeland 'n mens Maandae en Vrydae in staatskantore nie veel kan uitvoer nie. Vrydae is die amptenare besig om hulle naweek te beplan en te reël — meestal op koste van die Staat wat telefoonoproepe betref — ('n vorm van diefstal, nie net van die geld vir die oproep nie, maar ook, van die tyd) en Maandae rus hulle van die inspanning wat daarmee gepaard gegaan het. Ons verwys nie na die jaarlikse vakansie wat elkeen verdien nie, maar na al die lang- en ander naweke. Die meeste mense is skynbaar nie gelukkig in hulle huis en met hulle gesin nie. Hulle wil weg. Met lang naweke veral is ons paaie so vol dat dit uiters gevaarlik word om op die pad te wees. Die dodetol klim onrusbarend. En wat veral teleurstellend en verontrustend is, is dat niemand weet wat gedoen kan

word om dit teen te gaan nie. Moet dit maar so voortgaan? Ons voer elke jaar immigrante in en laat ons eie mense op ons paaie uitmoor. Een van baie moontlikhede om dit te bestry, is om die gery en die sterk vakansiegees op elke vlak van die samelewing teen te gaan en te ontmoedig. Om 'n lang naweek van Vrydag tot Maandag na die see of enige vakansie-oord wat honderde myle van die plesiersoeker se huis verwyder is te gaan, moet sterk afgekeur word. Die persoon kan nie iets van sy vakansie geniet nie omdat hy te vermoeid is van die lang reis. Rus is heeltemal buite sprake. Hy kom Maandag doodmoeg terug en met 'n leë beursie. Was die vakansie die moeite werd? Die antwoord kan nie anders wees as: Nee, beslis nie. Al waarvoor hy dankbaar kan en moet wees is dat hy en sy gesin met hulle lewe en sy duur motor sonder skrape daarvan afgekom het.

Van die kant van die kerk gesien moet die naweek se geryery baie beslis ontwortel word. Baie gesinne is byna elke naweek weg en gevolglik word die kerk min besoek en die kinders kan nie die kategese bywoon nie. Ook die geestelike lewe ly dus onder die afwesigheid van huis met naweke.

Die Skrif leer ons dat God werk. Jesus Christus sê: „Ek het gekom om te dien." Diens beteken werk. In ons arbeid moet ons roepingsbewus en pliggetrou wees. Ons moet ons kinders van jongsaf leer om hulle hande uit die mou te steek en hulle deel van die werk te doen.

Die groot hervormer Nehemia het met die herbou van die mure van Jerusalem sy volk so geïnspireer dat een en almal gedetermineerd was om nieteenstaande die dreiging van die vyand voort te gaan met die werk en dit nie te staak voor dit nie klaar was nie. Hulle het hulle deur niemand en niks laat afskrik nie. Met groot toewyding en nougesette ywer het hulle elke dag hulle werk verrig. „Hulle het met die een hand die werk verrig terwyl die ander die werpspies vashou." Neh. 4:17. Hulle het feitlik dag en nag gewerk, was altyd paraat. „Ek self en my broers en my mense en die manne van die wag wat my gevolg het, het nooit ons klere uitgetrek nie." Neh. 4:23.

Vanwaar die ywer, gedetermineerdheid en toewyding? Nehemia gee die antwoord daarop: „Want die volk was met hulle hart in die werk." Neh. 4:6.

Dit is nie die groot menigte wat groot dinge doen nie. Nee, maar wel die klein groepie wat 'n sterk geloof het, 'n hoë ideaal om na te streef en die wil om te volbring wat hulle aangepak het.

So moet elke Christenmens sy werk doen. In geloof en natuurlik met die oog op God gerig. En dan hoef daar nie gevrees te word nie. Dat daarin geslaag sal word, is seker. Voorbeelde daarvan in die geskiedenis van die mensheid is legio.

Teenswoordig word baie gepraat oor inflasie. Allerlei remedieë word aan die hand gedoen. Die een wat die beste resultate sal oplewer en waarvan 'n mens gewis en seker is, is harde, troue arbeid deur 'n elk en 'n ieder. Die produktiwiteit sal daardeur verhoog word en inflasie sal sy nekslag kry.

Ook hierin moet ons die leiding volg wat die Woord van God ons gee. En laat ons Sy werk nie vergeet nie.

Oordenking

DIE LEWE EN DOOD VAN SEUNS

Deur DS. P. J. J. VENTER, predikant van Vredefort.

„Maar hoe meer hulle verdruk is, hoe meer hulle vermenigvuldig en uitbrei, sodat hulle bang geword het vir die kinders van Israel. Toe gee Farao aan sy hele volk bevel en sê: Al die seuns wat gebore word, moet julle in die Nyl werp, maar al die dogters kan julle laat lewe." (Exodus 1:12, 22).

Van die tyd af dat Kaïn vir Abel doodgeslaan het, vertel die menslike geskiedenis van hoe die een mens die ander en volkere mekaar verwoes. Die sonde maak woes en is so vindingryk soos die duiwel self om sy modus operandi uit te dink en te vervolmaak. Soms is dit die hand van die een direk teen die ander, soms is eiendomme verwoes, soos die beskermers van klein nasies teen die weerlose kleintjies doen, huise afbrand, kerke in perdestalle verander, vee en lewensmiddels wegvoer, ten einde die teëstand deur uithongering af te breek, soos nog aan die begin van hierdie sogenaamde verligte eeu met ons Volkie gebeur het. Ons het dit ook gesmaak dat vroue en kinders in gevangenskap in „beskermingskampe" hulle graftes gevind het, om die mans tot oorgawe te dwing.

In die laaste wêreldoorlog het dit nog woester toegegaan met die lugbombardemente en die Here weet alleen wat gaan gebeur in 'n toekomstige volkebotsing, wanneer van die kernkragwapens op die mensheid sal uitgetoets word. Dit laat ons maar inniger bid: Kom, Here Jesus, kom haastig Heer!

Maar die Egiptenaars was nog nie so woes soos die verligte mense van ons tyd nie. Hulle het nie die Israeliete se huise afgebrand en hulle kos weggeneem nie, hulle het net die seunkinders om die lewe laat bring. Want die Egiptenaars was bang vir die toekomstige mannekrag wat Israel teen hulle sou kon monster in 'n moontlike oorlog met vyande van buite. Dan sou Israel in die rug kon aanval, of eintlik in ons taal as „vyfde kolonners" optree, soos beter bekend as „saboteurs", of soos die „Reformers" in die dae van die vorige Republiek, mense wat uit jou hand eet, die vette van jou land smaak en al die tyd met 'n swaard agter die rug wag op die geleentheid om die doodsteek toe te dien.

Sulkes is ook in ons land, in ons kerklike lewe, in ons perswese, in ons ekonomie, in ons universiteite en skole, . . . in die hele volkslewe. G'n wonder nie dat selfs die Egiptenaars van duisende jare gelede al bang was vir so 'n „pestilensie, wat in die donkerheid wandel".

Dis nie ondenkbaar nie dat die Egiptenaars met die uitmoor van die seunkinders ook die oog gehad het op die moontlikheid dat die mooi dogters van Israel naderhand verplig sal wees om met Egiptenaars te trou. Dan kon daar 'n bastergeslag opstaan, wat g'n aanvoeling het vir wat die suiwer kinders van Abraham, Isak en Jakob as heilig en volkseie huldig nie, 'n bastergeslag wat nie die grond liefhet, wat God aan Abraham met 'n eed beloof het nie. Want dis presies die verwerplike vrugte van gemengde huwelike met volksvreemdes: Die eie word afgeskryf as uitgedien en verkramp ten gunste van die vreemde, onbekende en onbeproefde.

Die metode om 'n volk deur ondertrouery skadeloos te maak het al begin in die dae van Noag, toe die dogters van die mense (heidens, ongelowiges) die seuns van God (gelowiges) tot die huwelik verlei het. Dis waar, uit die onheilige verbinding van geloof met ongeloof is daar „reuse", sterk mense, geweldenaar-genieë, die „helde uit die ou tyd" gebore, maar daardeur is die vertroue op God verplaas na die vertroue op mense. En hierteen waarsku Paulus later dat 'n gelowige nie met 'n ongelowige in dieselfde juk kan trek nie." Vóór die koms van die Witman het die naturelle ook die verslane vyand se vroue weggevoer om die voortbestaan van die teëstander te beëindig. Afgesien van oorlogstrategie maar met politieke oogmerke het ondertrouery van vreemde volkere die probleem van „bastergeslagte" geskep, wat die aandeelhouers se bestaan nie juis bedreig nie, maar eindelose vertroebeling in die volkereverhoudings meebring, en nie die soseer verlangde wêreldvrede nader bring nie.

In die verdrukking van Israel, wat gekom het toe 'n vreemde Farao opgestaan het, wat Josef nie geken het nie, het die Volk intens begin verlang na die Land van Belofte, maar daar was g'n „Leier" om voor te gaan nie. Daarom het die geboorte van 'n seun 'n besondere verwagting ingehou. Daarom was die moord op die seunkinders so 'n besonder verpletterende slag. Maar agter die smart was 'n doel van God. Daar was die verwagting van die groot volkstoekoms, wat opgesluit was in die beloftewoorde aan Abraham: „Ek sal jou 'n groot nasie maak . . . en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word." Hierdie belofte het Abraham herhaal toe hy sy kneg gestuur het om vir Isak 'n vrou te gaan haal uit sy eie geslag, sodat die volkslyn suiwer kon bly. En Josef het vir sy broers gesê dat God hulle gebruik het om hom na Egipte te stuur, sodat 'n volk in die lewe kon behou word en by sy lewenseinde het hy voorspel dat God op die Volk sou ag gee en hulle laat uittrek na die Beloofde Land en dat hulle sy stoflike oorskot moes saamneem, . . . Daar was dus 'n volkstoekomsverwagting en elke seunkind het gestalte aan daardie verwagting gegee. Daarom was kinderloosheid as 'n besoeking van God beskou en het die kinderlose moeder haar verstoke gevoel van die voorreg om deel te hê deur veral 'n seun uit haar aan die volkstoekoms. Daarom het Ragel vir Jakob gesê: „Gee my kinders, anders sterf ek." „ . . . Seuns is 'n erfdeel van die Here, . . . " (Ps. 127, laaste gedeelte.) Die doodmaak van die seunkinders het dus vir Israel in hulle toekomshoop aangetas. Was daar toe al 'n „messiaanse verwagting" sodat elke moeder in die verdrukte Israel kon hoop dat die seun

uit haar gebore die Volk sou verlos? Voordat ons straks „nee" sê, laat ons let op die volgende: (1) Toe die eerste mens buite die Paradys gebore is, het sy moeder Eva gesê: „Ek het 'n „man" gekry met die hulp van die Here. „Kaïn" beteken vir Eva „Man", en wat kan dit anders aandui as 'n verwagting van die „Verlosser" wat by die uitdryf uit die Paradys belooof is? Want vir die gevalle mens was die verlossing nou die hoogste verwagting. (2) Lameg het van sy seun Noag gesê: „Hy sal ons troos . . . " in die donker dae vir die gelowige, toe Henog geprofeteer het (volgens Judas) „Kyk die Here het gekom met Sy tienduisendtalle", en (3) Moses self het volgens die Hebreërbrief die smaad van Christus meer geag as die skatte van Egipte" . . . En as Moses daarmee grootgemaak is deur die vrome moeder, waarom kon so 'n verwagting nie by die hele volk wees nie? Die laaste volksleier, wat die Volk gesien het, was Josef, en die is dood, jare gelede al, nog net sy doodskis staan met sy doodsbeendere in die land Gosen, as 'n herinnering en . . . vooruitsig: God sal ag gee . . . Die volksverwagting het dus gelê in hulle seuns, en die word om die lewe gebring. Maar só het God dit bedoel en beskik: die hoop moet buite 'n mens wees. God sal verlos. En op Sy tyd het Hy verlos.

Daar was reeds in die diepdonker jare vir Israel 'n ligpuntjie: die twee vroedvroue Sifra en Pua het God meer gevrees as die koning en het seuntjies laat lewe en God het hulle geseën en hulle huisgesinne gegee, waar die kindertjies van die volk, die seuntjies, saam met die dood geleef het. Geen moeder kon 'n seunkind met nasietrots vir ander wys nie, want dit kon wreed van haar bors weggeruk word en in die Nyl beland. Geen seuntjie kon sy waggeltreetjies in die openbaar doen nie, . . . die dood het om die huise gesluip. As daar 'n kind moes gebore word het by alle ander oorwegings, ook namelose smart die ouerhart omklem, want as dit 'n seuntjie is, . . . kom pleks van blydskap, nuwe rou en trane in die huis, want ons sal hom nie behou nie, . . . So het treurendes en verwagtende roudraers die volkstoekoms afgeteken in hulle geboë smart . . . soos ons volksmoeders in moordkampe . . . . . Totdat Moses kom met die wekroep aan die geruste Farao: God sê: laat My Volk trek!" God het dus 'n Leier verwek, nie uit die krag van die groot getal seuns nie, maar deur 'n besondere voorbereiding en persoonlike roeping van 'n vlugteling, wat uit 'n watergraf gered is, wat deur sy vrome moeder van God se beloftes vertel is en wat deur die Genade van God die koning nie gevrees het nie en sy prinslike voorregte as niks geag het teenoor sy volksgebondenheid en volkseie.

Hy kon later op die Trek deur die woestyn vir die Volk sê: „'n Profeet onder jou uit . . . soos ek is, sal die Here vir jou verwek . . . " Dus nie uit die volksverwagting van eie seuns nie, maar uit 'n roepingsdaad van God, 'n ingryp van die Almagtige, word die volkstoekoms bestendig.

Elke volk het sy volkshelde, maar, pynlik om dit te sê, op onbekende uitsonderings na het hulle seuns eenvoudig verdwyn van die verwagte pad van leierskap op die voetspoor van hulle deurlugtige vaders.

Nee, dis die „Seuns van God", die gelowiges, wat Hy gebruik, soos Hy dit met Moses van ouds gedoen het. As ons dus in die gevaarlike wêreld wat menige seun van sy ouerhuis geroof het, vir ons kinders bid, laat dit wees: Here, my verwagting in die lewe en in die volkstoekoms is nie van my kind, my seun nie, maar van U, wat hom u seun kan maak deur die geloof in die verlossing deur onse Here Jesus Christus. Amen.

Saaityd en Oestyd

Deur DS. P. M. SMITH, Skriba Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

Die Kerk of Gemeente van die Here het sy ontstaan te danke aan die feit dat daar tye vir saai van die Woord van God aangebreek het en nog nooit weer opgehou het nie. Daar was wel tye in die geskiedenis van die kerk toe daar minder saaiers was en dus ook minder goeie saad uitgestrooi is. Maar gelukkig is die voortbestaan van die kerk nie primêr afhanklik van beskikbaarheid en bereidwilligheid van die saaiers nie. Christus hou self sy kerk in stand. Hy sorg vir die saaiers. Hy roep mense vir die besondere taak om die saaisak op te neem, om oor die akkers van die mensdom te gaan en om die saad van sy Woord uit te strooi.

Vandat daar saad uitgestrooi is, is daar ook gesorg vir 'n oes. Daarvoor het God self gesorg deur sy Gees wat wag hou oor die saad en deur 'n Godswonder groeikrag gee. Dit is die taak van geroepenes om te saai. God gee self die groeikrag en nie mense nie, op welke wyse ook al.

Van land tot land, van volk tot volk, van hart tot hart trek die saaiers met hulle saadsakke, volg die Gees van God om lewe te gee. Die saaiers gaan soos gewillige diensknegte. Die Gees van God gaan soos 'n vroeë lentereën, soos verwarmende sonstrale, soos 'n frisse môrelug om die saad, tot sterwens toe in die grond uitgestrooi, tot lewe te roep.

So het die saaiers ook hulle voet aan wal van Afrika gesit, mense uit ons volk is tot hierdie taak geroep. Deur Gods Gees het groeikrag nie uitgebly nie. So is ons Kerk saam met ander kerke gebore op die akkers van die Woord. Anders as die oes op die gewone akkers, word die oes van Gods saailand nie in sakke weggebêre vir voedsel of saad v irdie volgende jaar nie. Nee oesters word draers van die Woord — draers van die saadsakke om opnuut die akkers aan ons afgemeet te saai, om verder en verder nuwe saailande met Gods genadewoord te saai.

Die geskiedenis van die Hervormde Kerk was van sy ontstaan gekenmerk deur hierdie feit — die akkers was steeds te veel en te wyd vir die beskikbare saaiers om aan ons opdrag te voldoen.

Nie alleen predikante het die opdrag ontvang om te saai nie. Nee, elke lid van die kerk. Maar predikante het in besonder die opdrag gekry. Daarom dra hulle die naam van Dienaars van die Woord.

Behalwe vir 'n „skynbare" verskynsel gedurende die depressiejare was daar nog nooit 'n oorskot van predikante by ons Kerk nie, maar steeds 'n dringende tekort. Die Kerk het die toestand nie gelate aanvaar en daarin berus nie. Die een ondersoek na die ander is ingestel om oorsake vas te stel. Die een skema na die ander is geloods om die tekort uit te wis. Dit sal interessant wees om al die pogings na te gaan en te probeer vasstel wat die resultaat was. Daar sal genoeg stof vir 'n B.D.-skripsie wees as Die Hervormde Kerk en 'n tekort aan Predikante tot studieveld gekies word. Vir die doel van hierdie artikel sal dit ons te ver wegvoer en die inhoud te omvangryk maak. Hier word alleen gekonstateer dat soveel akkers ongeploeg en ongesaai lê en dat ons nog nie al die geleenthede deur God aan ons gegee, na behore kon benut nie. Soms maak dit ons skaam as ons dink aan onwil. Soms maak dit ons magteloos as ons kragte te kort is. Altyd maak dit ons baie bekommerd as ons weet dat Hy wat ons roep, getrou is en dit ook sal doen. Daaruit moet ons konstateer dat Hy nie meer van ons verwag as waartoe ons deur sy genade instaat is nie. Waar is hulle dan om ons roeping te vervul?

In hierdie artikel sal ons probeer om die huidige situasie vergelykenderwys te ontleed en om die jongste poging om in die dringende behoefte te voorsien, opnuut te stel.

Vir die Algemene Kerkvergadering van 1967 is 'n intensiewe ondersoek ingestel na die tekort aan predikante. Daar is 'n skema uitgewerk waarvolgens die agterstand in 1978 ingehaal kan word. Volgens hierdie berekening moet daar tot 1978 140 predikante bykom om te voorsien in verwagte groei in ledetal, uittredes en die voorsiening in ander behoeftes.

Daar is ook geskematiseer oor toetrede deur studente, die eintlike bron van voorsiening in die behoeftes.

Van 1947 tot 1966 het die Kerk deur sy Opleiding 133 predikante ontvang, dit wil sê gemiddeld 6 per jaar.

Die verwagte toetrede vir die volgende ses jaar dit wil sê tot 1972 sou 61 wees.

As mikpunt vir 1973—1978 is gestel 'n toename in die eerstejaar inskrywings, om 26 per jaar vanaf 1968 te bereik ten einde omtrent 13 predikante per jaar vanaf 1973 te laat toetree.

Daardie vergadering het hieroor as volg besluit:

„Die vergadering doen 'n dringende beroep op jongmanne om gehoor te gee aan die roepstem om arbeiders in die wingerd van die Here.

Die vergadering dra aan alle ampsdraers van die Kerk op om voortdurend op die uitkyk te wees vir belowende jongmanne wat oor die nodige intellektuele vermoë en persoonlike integriteit beskik en hulle te oorreed om hulle vir die teologiese studie aan te meld.

Die vergadering verseker almal wat hulself aanmeld om die Kerk as reggeaarde evangeliedienaars te dien dat gebrek aan die nodige finansiële middele daartoe geen belemmering vir hul studie hoef te vorm nie.

Die vergadering dra aan die huidige evangeliedienaars op om met al hul kragte en tyd in hierdie diens te arbei ten einde te verseker dat die Kerk te alle tye ten volle sy beskikbare kragte sal gebruik.

Die vergadering spreek sy waardering uit teenoor die emeriti en die professore wat help om in die huidige nood te voorsien, en teenoor diegene onder dié wat met behoud van die status van 'n evangeliedienaar uit die diens van die Kerk getree het, wat in reggeaarde trou hul dienste tot beskikking van die Kerk stel."

Wat is die resultaat soos dit werklik gebeur het en wat word verwag in die onmiddellike toekoms. Tot 1970 was die toetrede 34 predikante teenoor 'n verwagte getal van 41. Van die wat die studies voltooi het staan ook nie almal voltyds in gemeentes nie. Sommige is tydelik-deeltyds in gemeentes of besig met verdere studies. Vir die orige twee jaar 1971—1972 was die berekende getal 20 teenoor 'n werklike 14 soos dit skyn te wees. Daar was dus reeds 'n getalleverlies van 13 oor die twee tydperke. (Gelukkig is die verlies verminder deur toetrede van elders deur 4 persone.) Vir 1973 word daar 13 verwag.

Wat die inskrywings van eerstejaars betref was die situasie dat daar gehoop is op 26 per jaar dit wil sê vir die vyf jaar 1967—1971 130 en daar het gedurende die vyf jaar 90 ingeskryf — 'n gemiddeld van 18 per jaar. Dit verteenwoordig die aansoeke en die eerste erosie van matriek druipelinge is nie in berekening gebring nie. Op die oomblik is daar 24 gemeentes of standplase wat beroep. Daarby kan seker nog minstens 10 ander getel word as groot gemeentes, verwagte kombinasies in aanmerking geneem word. Die toename in groei as meer predikante toetree is ook nie bereken nie.

As u die Almanak naslaan sal u merk dat die getal belydende lidmate per predikant in 1950 856 was. Dit het geleidelk gedaal tot 669 in 1969 maar met dieselfde getal in 1970. Hieruit is dit seker vir elkeen duidelik dat die toestand nie genoegsaam verbeter nie en dat die pogings vanaf 1967 nie die gewensde resultaat gelewer het nie.

Die Algemene Kerkvergadering het dit besef en daarom is daar nuwe pogings aangewend om in die behoefte te voorsien.

In 1970 het die Algemene Kerkvergadering besluit: „Die vergadering dra aan kerkrade en veral aan predikante op om in die komende drie jaar in elke gemeente 'n besondere, volgehoue, planmatige poging aan te wend om studente vir die teologiese opleiding te werf, en aan die Kuratorium om in oorleg met die predikantevergadering met die verloop hiervan in voeling te bly."

In opvolging hiervan het die Kuratorium 'n omsendbrief uitgestuur aan alle kerkrade, predikante en tot kennisname van lidmate om die erns van die situasie te beklemtoon. Dit is gepubliseer in Die Hervormer van April 1971 en word daarom nie weer behandel nie.

Ons sluit af met die eerste paragraaf van die oproep:

„Die Kerk moet in opdrag van die Heer van die Kerk nie net mense tot die geloof oproep nie, maar ook mense roep vir die besondere dienste wat in die kerk onderhou moet word. Hierdie mense is nodig anders kan die kerk nie die opdrag van die Heer van die kerk na behore uitvoer nie. Die tekort aan predikante is een van die faktore waardeur die behoorlike taakvervulling van die kerk ernstig geskaad word. Daarom moet ons mense kry wat opgelei kan word om die evangeliebediening te behartig. Vir die kerk, ons kerk in die besonder, is dit geen luukse nie, maar 'n lewensnoodsaaklikheid."

Die Huisgesin en sy Godsdienstige funksie

Deur DR. A. BREEDT, Universiteit van Pretoria.

1. INLEIDING:

Dat die gesin as maatskaplike instelling vandag die fokuspunt van baie individue en instansies is, word onder andere weerspieël in die talryke navorsingsprojekte, ondersoeke en geskrifte wat in die afgelope aantal jare — ook van die kant van die kerk — die lig gesien het.

'n Mens kan sonder vrees vir enige teenspraak konstateer dat die gesin van ons tyd in die arena van godsdienstige, sosiologiese, filosofiese en psigologiese denke staan. Hedendaags het dit feitlik mode geword om diepe kommer oor ons huweliks- en gesinslewe uit te spreek.[1]) In hierdie verband word dan veral verwys na die sogenaamde funksieverlies van die gesin, die toenemende huweliks- en gesinsdisorganisasie, die veranderde geslagsmoraliteit, die krimpende kindertal, die omvang van jeugmisdaad, die beroepsarbeid van die getroude vroue en dergelike meer. Veelal word dan gepraat van „vervul" ons ons huweliks- en gesinslewe.[2])

Met hierdie eensydige benadering kan egter nie saamgestem word nie. Die universaliteit van die huwelik en die gesin, die bewese vermoë van die gesin om by die veranderde omstandighede aan te pas asmede die funksionele noodsaaklikheid vir die gesin is genoegsame bewys vir 'n optimistieser beskouing van die gesinslewe.[3])

'n Gesin is n' maatskaplike groep wat voortspruit uit die huwelik tussen twee persone en die eventuele voortbrenging van 'n nageslag. Die gesin kan verder gesien word as „'n maatskaplike groep wat deur 'n gemeenskaplike woning, ekonomiese koöperasie en reproduksie gekenmerk word. Dit sluit volwassenes van beide geslagte in van wie minstens twee 'n maatskaplike goedgekeurde verhouding handhaaf, met een of meer kinders — eie of aangenome — van hierdie volwassenes."[4])

Die huwelik, as basis van die gesinslewe, is nie 'n instelling wat deur die mens tot stand gebring is of uit die maatskaplike lewe gegroei het nie, maar dit is 'n goddelike verordening wat sy wortels in die

skepping van God het. Dit verleen aan die huwelik 'n dieper betekenis en intrinsieker waarde as 'n gewone maatskaplike gegroeide instelling. W. Geesink waardeer die huwelik in die lig van die Skrif (Gen. 1:28; Gen. 2:18, 23, 24; Matt. 19:4-6) en beskryf die wese van die huwelik soos volg:

(a) Dit is 'n goddelike instituut wat in die Skepping gegrond is;

(b) Dit is die vereniging van een man en een vrou — dus 'n monogame huwelik;

(c) Dit is 'n onskeidbare verbintenis;

(d) Dit is 'n verbintenis wat die aanvulling van albei partye ten doel het; en

(e) Dit is diensbaar aan die voorplanting van die menslike geslag.[5])

Die huwelik is dus die intense en innigste lewensverband van die mens. Dit spruit voort uit sy diepste wese en is die weg waarlangs sy sterkste behoeftes en magtigste begeertes bevredig word. Daarom word die huwelik in alle gemeenskappe en alle kulture aangetref en kan daar ook geen twyfel wees nie dat die huwelik sal voortbestaan solank die natuur van die mens is soos God dit uit die staanspoor gewil het.[6])

Die huwelik lei op sy beurt tot die ontstaan van die gesin. Die huisgesin is die oudste instelling van die mensdom. Dit het dadelik met die skepping van die eerste mensepaar tot stand gekom. Ander instellings soos die kerk en die staat, hoewel ook genadegawes van God, het eers later ontstaan. Ons kan die volgende basiese gesinstipes onderskei:

(a) Die nukleêre gesin (of kerngesin of primêre gesin): dit is by uitstek die heersende gesinsvorm in die westerse samelewing. Dit bestaan uit die getroude egpaar met hulle afhanklike kinders.

(b) Die poligame gesin wat bestaan uit twee (of meer) nukleêre gesinne wat aan mekaar verbind is deur meervoudige huwelike, byvoorbeeld waar een van die eggenotes die gemeenskaplike lid is van albei nukleêre gesinne.

(c) Die uitgebreide gesin wat bestaan uit twee (of meer) nukleêre gesinne wat aan mekaar gekoppel is vanweë 'n uitbreiding van die ouer-kind-verhouding, in teenstelling met die uitbreiding van die man-vrou-verhouding (by die poligame tipe).[7&8])

Dit kan met reg beweer word dat die huisgesin die hoeksteen vorm waarop die samelewing gebou word. Die welstand van 'n samelewing hang af van die lewenskragtige, doeltreffende en vooruitstrewende huisgesinne wat daarin aangetref word. Net soos die samelewing egter van tyd tot tyd moet aanpas by steeds sneller veranderende omstandighede, net so verg hierdie veranderinge ook aanpassings van die kant van die huisgesin.

Die huisgesin bevind sigself vandag in 'n stryd wat swanger is aan spanning, konflik en kompetisie. Hier dink mens onwillekeurig verder aan die fabelagtige omwentelinge op tegnologiese gebied; die ontwikkeling van 'n nuwe lewensopvatting met oordrewe klem op egoïstiese indiwidualisme en materialisme; die emansipasie van die vrou en die implikasies daarvan vir die gesinslewe en so meer. Te midde van hierdie omstandighede is die tradisionele funksies van die huisgesin terdeë aangetas. Hierdie aspek word vervolgens behandel:

2. DIE TRADISIONELE GESINSFUNKSIES:

Die betekenis wat die huisgesin in die samelewing het, kan die beste toegelig word deur te let op die onderskeie funksies van die huisgesin. Dit moet egter begryp word dat hier nie beoog word om 'n volledige uiteensetting van die verskillende gesinsfunksies te gee nie. Daar is genoegsame literatuur in die verband,[9]) derhalwe word volstaan deur slegs van die belangrikste funksies te noem. Die bedoeling is om later vollediger uit te wei oor die godsdienstige funksie van die gesin.

Met ander woorde, behalwe vir die aller belangrike godsdienstige funksies van die huisgesin, is die tradisionele funksies wat deur die huisgesin vervul behoort te word, die volgende:

(a) Die biologiese/voortplantingsfunksie,
(b) Die materiële of ekonomiese funksie,
(c) Die sosialiseringsfunksie,
(d) Die algemene opvoedingsfunksie,
(e) Die emosioneel-versorgende funksie.
(f) Die fisiese versorging en instandhouding,
(g) Die funksie ten opsigte van kultuur, vryetydsbesteding en politiek.

Ten aansien van hierdie funksies word meermale die gedagte gelug dat die gesin 'n ingrypende „funksieverlies" ondergaan het. Daar word dan gewys op die gedagte dat die gesin in die versorging van siekes 'n afnemende rol speel, dat die skool die opvoedingsfunksie van die ouers oorgeneem het, dat kulturele en vryetydsbedrywighede grootliks buite die gesinsverband beoefen word, les bes dat die godsdienstige funksie van die huisgesin nou in die hande van die kerk tuishoort en dergelike meer.[10])

Faktore wat tot hierdie mening bydra is legio. Onder andere word genoem dat sekere pligte buite die gesinsverband doeltreffender verrig kan word. Die emansipasie van die vrou, die afname van die ideaalbeeld van die man, die versteuring in die korrekte rolbesetting en die skynbaar toenemende kloof tussen jeugdiges en volwassenes blyk ook kardinale plekke in bogenoemde redenasie in te neem. Die slotsom waartoe dan geraak word is dat die gesin oor die muur is, op die lange duur nie meer nodig sal wees nie en dus moontlik stilweg van die toneel sal verdwyn.

Hierteenoor beklemtoon Cronjé dat die huisgesin as instelling inderdaad geen funksie verloor het nie:

„Daar het wel wysiging in die uitoefening van sy funksie plaasgevind, omdat die maatskaplike veranderinge dit noodsaaklik gemaak het . . . Die huisgesin moes met ander woorde tred hou met die tyd . . . Die moeilikheid is by uitstek daarin geleë dat die mense van vandag nog nie vir hulle behoorlik rekenskap gegee het nie van die rol wat die huisgesin in die veranderde omstandighede moet en kan speel en van die wyse waarop hy tans sy probleme die hoof moet en kan bied."[11])

3. DIE GODSDIENSTIGE FUNKSIE VAN DIE HUISGESIN:

Dit lê voor die hand dat die huisgesin 'n besondere en hoogs belangrike rol in die godsdienstige lewe moet speel. Die godsdienstige beoefening is sekerlik die primêre taak van die gesin en ander instansies kan hoogstens 'n hulpmiddel in die verband wees. Die verontagsaming

en verwaarlosing van sy godsdienstige funksie werk die geleidelike disintegrasie en uiteindelik ontbinding van die gesin in die hand, want afval van God beteken die verval van die huisgesin.

In die eerste instansie moet daarop gedui word dat die godsdienstige opvoeding van die kind alleen ten beste behartig kan word, as dit gedra word deur 'n godsdienstige atmosfeer wat in die huisgesin heers. In die verband beweer Elmer soos volg: „The primary responsibility for the development of the child rests upon the parents. In the family he is first introduced to his religious inheritance as he is introduced to his mother tongue. Here the foundations are laid for the moral standards that are designed to guide his conduct through life. A child's religious development is fostered and strengthened by participation in the life of the family in which religion is 'n vital concern. Responsibility for the religious growth of children and youth is shared by the church and other social organizations that are concerned with their guidance."[12])

Die godsdienstige atmosfeer moet uitgaan van die ouers en deur hulle voorbeeld bevorder word. Dit moet eg wees sodat die kind kan voel dat godsdiens 'n hoë waarde het. Pellisier wys met reg daarop dat 'n godsdienstige atmosfeer 'n **oortuigdheid** vereis.[13]) Wanneer die atmosfeer vir godsdienstige opvoeding in die huisgesin op 'n stewige grondslag berus, sal die kind die waardeskatting van die ouers oorneem. Die godsdienstige atmosfeer in die huisgesin kan uitgebou word deur 'n sentrale plek in die huislike lewe in te ruim vir die Bybel, die Bybelse geskiedenis, die huisgodsdiens, godsdienstige lektuur in die huis ensovoorts. Huisgodsdiens byvoorbeeld, moet op 'n vaste tyd en gereeld deur die gesin beoefen word. 'n Mens is dankbaar om te verneem dat „Boekevat" — die daaglikse godsdienstige uitsending om ongeveer 7.15 nm. — die hoogste luistertal van 'n enkele program, naamlik nagenoeg 700,000 luisteraars, het.[14]) Nogtans bly hierdie sekerlik tog die primêre funksie van die huisgesin.

Naas die huisgodsdiens, kan ook nog klem gelê word op die gebed, asook die tafelgebed waardeur gereeld tot die troon van Sy genade genader word. Die kind moet leer om gereeld te bid en indien 'n gebed aangeleer word, moet dit eenvoudig en bevatlik wees. Dit gebeur dikwels, dat 'n aangeleerde gebed eers na jare sin en betekenis kry. Spontane gebede wat op natuurlike wyse onder leiding van die ouer kom, is beter. Die groot betekenis van die tafelgebed kan nie oorbeklemtoon word nie. Dit behoort 'n vaste instelling in elke huis te wees, om voor en na ete te bid en te dank. Die tafelgebed moet nie uit blote gewoonte of roetine op meganiese wyse afgerammel word nie, maar in opregte dankbaarheid en lof teenoor God geskied.[15])

Voorts moet die huisgesin 'n noue verband met die kerklike lewe soek. Dit kan onder andere geskied deur gereelde en gesamentlike kerkbesoek van die gesinslede; kategesebywoning; deur die kinders doop- en belydende lidmate te laat word; die deelname aan die bediening van die sakramente en algemene deelname aan allerlei kerklike bedrywighede. So byvoorbeeld kan die vader sy plek vol staan in die kerkraad, terwyl die moeder haar aangewese pligte in die gemeente uitvoer. Die kinders behoort by die jeugverenigings aan te sluit, kampe, kongresse ensovoorts by te woon en aktief self deel te neem. Die gewilligheid van die kinders om aan die bedrywighede van die kerk deel te neem, hang grootliks af van die ouerlike belangstelling en aanmoe-

diging. Hierbenewens moet die ouers die gereelde lees van die Christelike leesstof in die huis stimuleer. Die hele gesin kan meedoen aan die lees van die **Hervormer** of die kerk se Nuusbrief om op die hoogte te kom van die werk en getuienis van die kerk in sy breër verband.

Die ouers het verder die taak om sowel deur woord en wandel aan kinders leiding te gee met betrekking tot die Sondagviering en -heiliging. Die doopbelofte spreek tot die ouers met die eis van onderrig in die godsdiens.

Die huisgesin moet egter ook sy godsdienstige strewes in die gemeenskap kan indra en uitlewe deur onder andere die Christelike voorbeeld te stel, naasteliefde te betoon, en die diens van barmhartigheid te bevorder.[16])

Aan die ander kant kan die effek van 'n gedisorganiseerde gesin op die godsdienstige atmosfeer in 'n huisgesin nie onderskat word nie. Die onlangse Jeugondersoek het die feit onderstreep dat 23% van die jeugdiges wie se ouers geskei is, geen godsdienstige vastigheid gehad het nie.[17]) Die groep wat verklaar het dat daar geen godsdienstige atmosfeer tuis heers nie, verteenwoordig die laagste persentasie jeugdiges wat glo in Jesus Christus, naamlik 43%.[18])

Laastens moet beklemtoon word dat die kerk van sy kant af ook 'n betekenisvolle taak teenoor die huisgesin het deur die prediking van die leraar, huisbesoek en persoonlike aandag van die herder en die kerkraadslede aan die gemeente, asook die godsdienstige opvoeding van die jeug deur kategese.

Godsdiens moet steeds die fondament wees en bly waarop die gesinslewe rus.

Die godsdiens het 'n suiwerende uitwerking op die huisgesin. Betekenisvol verklaar Groenewald: „Wanneer die huisgesin weer daartoe gekom het om huiskerk te word, sal hy nie alleen deursuur word met die Bybelse suurdeeg nie, maar self ook as suurdeeg in die samelewing dien."[19])

BRONNEVERWYSINGS:

1) Vgl. G. Cronje: **Mens tot Medemens**, 3de Uitgawe, H.A.U.M., Kaapstad 1968, p. 223 e.v.
2) Vgl. S. P. Cilliers: **Gesonde Gesinsbou**, Universiteits Uitgewers en Boekhandelaars Bpk., Stellenbosch, 1960, p. 7 e.v.
3) **Ibid.**, p. 7 e.v.
4) Du Toit, J. B., Steyn, A. F., Rip, C.: **Afwykende Gedrag**, Nasou Beperk, 1965, p. 41.
5) Cronje, G.:**Man en Vrou en die Huwelik**, 2de Uitgawe, H.A.U.M., 1968, p. 71.
6) Vgl. Cronjé, G.: **„Die Formulering van Gesinsbeleid" in Verslag van die Gesinskongres**, N.G. Kerk-Boekhandel, Pretoria, 1961, p. 167 e.v.
7) Vgl. S. P. Cilliers: **Op lit.**, p.p. 12, e.v.
8) Vgl. Du Toit, Steyn en Rip.: **Op lit.** p. 41, e.v.
9) Vgl. maar slegs Cilliers, S. P.: **Op lit.** p. 51 e.v. en Cronje, G.: **Mens tot Medemens**, p. 230 e.v.
10) Cronje, G.: **Ibid.**, p. 223.
11) **Ibid.**, p. 224.
12) Elmer, M. C.: **The Sociology of the Family**, Ginn en Co., New York, 1945, p. 119.
13) Cronjé, G., Piek, H. J., Van Zyl, A. J., McLachlan, R.: **Ouer en Kind**, N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad-Pretoria, 1958, p. 280.
14) Du Toit, J. B.: „Die stand van navorsing op die gebied van massakommunikasie" in **Die S.A. Tydskrif vir Sosiologie**, nr. 1, November 1970, p. 75.
15) Vgl. in dié verband: Kommissie van Ondersoek i.s. die Gesinslewe: **Kerk en Huisgesin**, N.G. Kerk-Uitgewers, 1958, p. 19-21, p. 177-220.
16) Cronjé, G.: **Mens tot Medemens**, p. 237.
17) Verslag van die Jeugondersoek, Deel IV; **Jeug en Godsdiens**, Voortrekkerpers, Johannesburg 1967, p. 17.
18) **Ibid.**, p. 19.
19) Groenewald, E. P.: „Die Godsdienstige taak van die Huisgesin" in **Verslag van die Gesinskongres**, Op lit., p. 43.

Sending in die Ned. Hervormde Kerk van Afrika en die Huidige Stand

Deur DS. J. A. P. VAN TONDER,
Superintendent Kerstening van die Heidene.

1. Kort oorsig oor die geskiedenis:

Die Nederduitsch Hervormde Kerk het vir baie jare die noodsaaklikheid van sending in sy Algemene Vergadering beklemtoon, maar tot 1925 weinig of niks daaraan gedoen. Daar was talle besware teen die Kerk se deelname aan die sending onder andere die nypende tekort aan geld, die gebrek aan predikante en die vrees dat sending gelykstelling tussen blank en nie-blank sal bevorder.

In 1923 het daar in Natal die vonk gekom wat die Kerk tot besinning sou dwing. 'n Groep lidmate van die Ned. Gereef. Kerk het in die omgewing van Pietermaritzburg weggebreek en die Ned. Hervormde Kerk van Natal gestig. Kort na die stigting aanvaar die Kerk wat uit een enkele gemeente bestaan, voogdyskap oor 'n Soeloegemeente te Lufafa in die distrik van Ixopo. Hierdie gemeente het weer weggebreek van die Vrye Skotse Kerk.

Onder leiding van hulle enigste predikant eerwaarde A. P. Smit, het die Ned. Hervormde Kerk van Natal onderhandelings aangeknoop met die Ned. Hervormde Kerk in Transvaal met die versoek om in die gemeenskap van die Kerk opgeneem te word. Na lange en deeglike beraad besluit die Algemene Vergadering in 1925 om die kerkie in te lyf as die Ned. Hervormde gemeente Pietermaritzburg.

Op dieselfde vergadering dien 'n beskrywingspunt dat voogdyskap oor die sendinggemeente te Lufafa aanvaar word. Die Kerk benoem 'n kommissie om die saak te ondersoek en in 1928 by die Algemene Vergadering verslag te doen. So doen dr. H. C. M. Fourie, wat 'n uitmuntende kenner van die bantoe en 'n vurige voorstander van „uitwendige sending" was dan verslag en pleit dat die kerk nie hierdie geleentheid sal laat verbygaan nie. Op voorstel van dr. Fourie besluit die Kerk om die werk nie self te doen nie, maar dit op te dra aan 'n genootskap.

In 1929 word die Ned. Hervormde Sending Genootskap gestig onder voorsitterskap van dr. Fourie en op die basis word die werk in Natal tot in 1945 gedoen. Na die dood van dr. Fourie het die werk byna tot stilstand gekom.

In 1945 besluit die Algemene Vergadering dat die Kerk nie langer op die wyse sy verantwoordelikheid aan 'n Genootskap kan opdra nie. Die Evangelisasie Kommissie, 'n raad wat deur die Kerk aangewys is, sal in die vervolg die werk doen. Vir die eerste keer sal die Kerk nou sending onder die bantoe doen.

Uitbreiding het nie uitgebly nie. Naas die gemeente in Lufafa word ander gemeentes gestig in Natal en later in Transvaal en die O.V.S. Dit bring mee dat die Kerk moes begin dink aan 'n eie opleiding vir bantoe-leraars. Vir 'n paar jaar het die teologiese professore van die Kerk die opleiding van die leraars in Pretoria waargeneem totdat in 1961 die opleiding na die Stofberg Teologiese Skool verskuif is. Daar word die studente in samewerking met die Ned. Geref. Kerk opgelei as leraars vir die Bantoe Hervormde Kerk. Prof. dr. H. P. Wolmarans was die eerste dosent en op die oomblik doen dr. Daan Booysen die werk aldaar namens die Kerk.

In Mei 1962 word 'n spesiale predikantsvergadering in Pretoria belê om te besin oor die nood van die sending. Die werk het nie na wense gevorder nie. Die belangstelling van die Kerk het uitgebly, die finansiële steun was power en hierdie vergadering moes besin oor weë en middele om die werk te bevorder.

Uit hierdie vergadering kristaliseer die skema waarvolgens die kerk vandag die werk doen — naamlik Ringsgewys. Die arbeid is gedesentraliseer na elke Ring en gemeente van die Kerk en die resultaat het bewys dat dit 'n wyse stap was.

Elke Ring wys 'n Superintendent en 'n sekretaris aan en tesame met 'n afgevaardigde uit elke gemeente vorm hulle die Ringsraad vir die Kerstening van die heidense volke. Hulle is verantwoordelik vir die goeie gang van die werk in die Bontoegemeente en moet die nodige fondse bymekaar maak vir die bekostiging van die arbeid in die gemeentes. Verder bedien hulle die leraar, die kerkraad en gemeente met advies en help hulle om die organisasie in die gemeente uit te bou. Die werk word in hulle vrye tyd gedoen, sonder vergoeding.

Die Sentrale Raad vir die Kerstening van die heidense volke is die liggaam wat die werk koördineer en die beleid ten opsigte van die sending bepaal. Hulle is verantwoordelik vir die opleiding te Turfloop, beplan die uitbreiding van die werk en probeer om studente te werf vir die opleiding.

Die werkswyse het goeie vrugte gelewer. In die meeste Ringe bestaan daar 1 of twee bantoegemeentes en die Kerk kan die Ringsrade dankbaar wees vir die goeie werk wat hulle verrig. In die Ring van Pietermaritzburg is die lading swaar — daar is 10 gemeentes in die ringsverband en dit stel hoë eise aan die Raad. Die gemeentes strek van die Noorde in Pietermaritzburg tot in Bizane in Pondoland. Die Kerk kan die waarde van die werk deur die Ringsraad nie na waarde skat nie.

2. **Enkele gedagtes oor die beleid van die Kerk ten opsigte van sy sending:**

Die Kerk wil aan sy bybelse opdrag gehoorsaam wees en na die beste van sy vermoë Gods Woord aan die heidendom verkondig en hy doen dit ook. Hy doen dit op 'n besondere wyse deur volkskerke onder die bantoe te stig en hierdie kerk na selfstandigheid te lei. Die Kerk wil nie vermenging nie, dit kan alleen ellende en wanorde skep. Dit is reg dat die bantoe sy kerk het en dat die kerk die evangelie sal verkondig onder sy eie mense in sy eie land en in sy eie taal.

Om dit te bereik wil die Kerk bantoeleraars oplei te Turfloop sodat die werk deur bekwame en verantwoordelike manne gedoen kan word wat goed toegerus is vir die taak. Dit moet geestelike leiers wees wat die deel van die liggaam van Christus kan help opbou tot die eer van God. Op allerlei wyse moet ons hulle help, finansieel, organisatories, leiding en voorligting sodat die Bantoe Hervormde Kerk tot selfstandigheid kan groei.

Daar is reeds tekens van selfstandigheid by hulle, soos ek dan later sal probeer aantoon.

3. **Die huidige stand:**

A. **Natal:**

In die Ring van Pietermaritzburg word onder die Soeloes gewerk. Daar is 10 gemeentes elk met sy eie leraar. Die kerkgeboue, en daar is reeds 6, is almal met fondse opgerig wat die bantoegemeentes self geïn het. Ons hoop dat daar binne afsienbare tyd in elke gemeente 'n kerkgebou sal wees.

Die Soeloekerk kom een maal per jaar bymekaar in 'n Ringsvergadering om sake rakende die kerk te bespreek. Een maal per jaar word daar ook 'n kursus vir die leraars aangebied om hulle verder en beter toe te rus vir die werk in die gemeentes.

'n Tekort aan werkkragte strem die werk in Natal en die uitbreiding sal aan bande gelê word solank as wat daar nie studente beskikbaar is vir verdere opleiding nie.

B. **Transvaal en O.V.S.:**

In Transvaal is daar 18 leraars wat in 40 gemeentes werksaam is. In die afgelope jare is daar 9 kerke opgerig en daar is 'n paar in aanbou.

Onder die Sjangaan is daar twee gemeentes en onder die Tswanas ook twee — een gemeente te Potchefstroom en een te Mafeking. Die res van die werk is versprei onder die Noord en Suid Sotho volksgroepe.

In die Vrystaat is 3 gemeentes: Bloemfontein, Parys en Heilbron. Elke gemeente het 'n eie leraar en kerkgebou.

Een maal per jaar kom die Ringsvergaderinge bymekaar om sake van die Kerk te orden en 'n wye reeks van onderwerpe word behandel. Besprekings word reeds op 'n hoë vlak gevoer oor die opbou van die Kerk. Die vergadering word deur die Superintendent van die Sentrale Raad bygewoon.

In die vergadering was dit moontlik om die boeke van die gemeentes op 'n hoë peil te bring. Elke gemeente het 'n doop- en lidmate-register wat netjies gehou word en jaarliks deur die vergadering nagesien word. Op die laaste vergadering in 1970 het die departement interne oudisie van die kerk 'n kursus aangebied om die boekhouding van die fondse van die kerk in orde te bring, en met die vergadering in 1971 sal die kursus voortgesit word.

Die Ringsraad probeer om toesig te hou oor die werk in die bantoe-gemeentes. Dit bly problematies om vanuit 'n pastorie met 'n paar skriftelike verslae die werk in 'n lokasie te peil. Daarom woon ons eredienste van die gemeentes by en luister deur middel van 'n tolk na die prediking. Dit gaan tog juis om die prediking van die evangelie en dit is nodig om vas te stel of die Woord daar reg verkondig word.

In die opsig betrek ons die Ringskommissie van die Bantoe Hervormde Kerk. Ons is besig met 'n omvattende besoek aan alle gemeentes en met behulp van die Kommissie doen ons visitasie om vas te stel hoedanig die werk in die gemeentes gedoen word. So probeer ons die ampsdraers leer om self die werk voort te sit — te kyk wat verkeerd en skadelik is en die Kerkrade met advies te bedien. Ons sien dat hulle reeds selfstandig die Woord bedien en die pastorale werk met verantwoordelikheid en toegewydheid in die gemeentes doen. Dit is reeds 'n stap in die regte rigting.

Ons is dankbaar dat ons langs hierdie weg insig kon gee oor die werk wat onder die bantoe gedoen word en ons bede is dat die Kerk sal voortgaan om in gehoorsaamheid aan Gods Woord mee te werk aan die opbou van die liggaam van die Heer van die Kerk. Want al praat ons van die Bantoekerk en van ons Kerk — dis tog die Kerk van Christus en Hy is self besig om dit te bou. Ons kan maar net gewillige instrumente in sy hand wees sodat die werk kan voortgaan.

Die Hervertolking van die Transvaalse Kerkgeskiedenis in die Negentiende Eeu

Deur DR. G. D. J. DUVENHAGE, Universiteit van Wes-Kaapland.

I. Geen volk mag sy geskiedenis verwaarloos nie. Dit is kort en klaar. Dit sluit ook die kerkgeskiedenis in. Daar moet voortdurende bemoeiing met die verlede wees, want (benewens al die ander aspekte van die begrip geskiedenis) die geskiedenis is 'n groeiende beeld. Dit is die resultaat van die herhaalde en onvermoeide wisselwerking tussen die hede en die verlede, tussen die geskiedskrywer en die neerslae van die verledewerklikheid, maar dit is nie 'n dialoog tussen abstrakte en geïsoleerde individue nie, dit is die samespraak tussen die gemeenskap van die hede en die gemeenskap van die verlede. Sonder die dialoog tree vervreemding in.

> „The past is intelligible to us only in the light of the present; and we can fully understand the present only in the light of the past. To enable man to understand the society of the past and to increase his mastery over the society of the present is the dual function of history" (Carr).

Die taak van die historikus is nie beperk tot die ondersoek en bekendstelling van nog onbeskrewe verskynsels uit die verlede nie, maar hy is aangewese op die hervertolking van die bestaande opvattings oor die verlede.

Die vraag waarom die beeld van 'n eenmaal beskrewe gebeurtenis nie permanent aanvaar word nie, waarom dit nie ewig of absoluut geld nie, waarom dieselfde tema of tydperk weer en weer ondersoek en beskryf word deur historici wat naas en na mekaar geleef het, waarom die herhaalde bemoeiing met die verlede, waarom die aanhoudende herskrywe van die geskiedenis, kan net sowel gestel word **waarom** die waarheid, korrektheid en betroubaarheid van die bestaande geskiedenisse betwyfel word, waarom daar soveel skerp verskille en onversoenlike teenstelling tussen historici (wat oor dieselfde periode of persoon skryf, wat dieselfde bronne gebruik, wat dieselfde historiese metodes toepas, wat die gegewens aan dieselfde kritiek

onderwerp) bestaan; waarom verbeeld hulle dieselfde verledewerklikheid totaal verskillend; waarom is die volgende geslag historici ontevrede met die rekonstruksie van die verlede deur hulle voorganger en lewer gewoonlik 'n totaal verskillende beeld van dieselfde werklikheid.

II. Die verledewerklikheid is uniek, eenmalig, onherhaalbaar en onomkeerbaar. Die gebeutenisse kan nie weer afgespeel word vir **direkte** waarneming nie. Die toonaangewende persoonlikhede en leiersfigure uit die kerklike verlede kan nie weer opgewek word om hulle besluite en standpunte te verdedig nie; die Wes-Transvaalse en Lydenburgse Pioniers kan nie weer opgeroep word om hulle botsende besluite oor aansluiting by die Kaapse Sinode in die vyftigerjare te motiveer en verduidelik nie; die Hervormde Kerk se woordvoerders kan nie weer ondervra word oor die „verstommende toegewings" tydens die kerkvereniging van die tagtigerjare nie. Dit is verdwene, bedekte, vergete, verstarde werklikhede, bevries in die verlede, wat slegs deur die bemoeiing van die historikus herontdek en verbeeld kan word. En vir die taak van gestaltegewing van die verledewerklikheid is die historikus aangewese op 'n indirekte studiemetode, want vir kennisvorming van die werklikhede moet hy gebruik maak van onvolledige, fragmentariese, dikwels teenstrydige stukkies en brokkies afdrukke of neerslae van die werklikhede in die vorm van oorblyfsels (ruïnes, monumente, inskripsies) en mondelinge of skriftelike oorleweringe. Die historikus is veral aangewese op skriftelike oorleweringe (dokumente) en dit is onvolledige en onvolmaakte werktuie, want dokumente is afkomstig van mense met menslike tekortkominge. Slegs deur die bestudering van die oorleweringe en oorblyfsels kan die historikus kennis oor die verledewerklikheid bekom, kan hy dit verstaan, interpreteer, verbeeld en vertel, kan hy dit opwek tot 'n „tweede hede."

Die aard van sy werktuie en die tekortkominge van die historikus as mens plaas soveel beperkings op die historikus se vermoë tot die daarstelling van betroubare feite, algemeen aanvaarbare waarhede, objektiewe kennis en betroubare beelde van die verledewerklikheid dat daar al verklaar is:

> „The historian ought to be the humblest of men; he is faced a dozen times a day with the evidence of his own ignorance; he is perpetually confronted with his own humiliating inability to interpret his material correctly; he is, in a sense that no other writer is, in bondage to that material" (Veronica Wedgwood).

En tog ontbreek die nederigheid, die bewustheid van beperkings en die onvermoë om die hele verledewerklikheid in sy volle totaliteit te oorskou so telkens in ons kerkgeskiedskrywing. Nog erger: sonder dat die kenbare gebeure en verskynsels in die breedte en die diepte deurvors is, word daar links en regs veroordeel, persoonlikhede afgetakel of kunsmatige argumente teen hulle opgebou, so dikwels word motiewe op willekeurige wyse verwerp of aanvaar, of gerieflikheidshalwe verswyg. In weerwil van die onvolledige kennis en begrip, is so dikwels op die regterstoel geklim en vonnisse gevel met verontagsaming van die redelike eis dat wie regter in die geskiedenis wil speel, nie net publieke vervolger moet speel nie, maar ook advokaat vir die verdediging moet wees. Slegs om die rede alleen is 'n hervertolking van die Transvaalse kerkgeskiedenis noodsaaklik.

„Those who, on the plea of narrating history, bustle about as judges, condemning here and giving absolution there, because they think that this is the office of history . . . are generally recognised as devoid of historical sense." (Groce).

III. Die feit dat die verledewerklikheid onvolledig in die dokumente afgedruk is, beklemtoon die noodsaaklikheid vir die versameling en bestudering van alle dokumente oor die bepaalde onderwerp. Daar is veelvuldige voorbeelde dat daar in dié opsig in die kerkgeskiedskrywing byna onvergeeflike gebreke in die bronnestudie is, dat persone 'n kerkgeskiedenis geskryf het sonder om al die beskikbare bronne te versamel en te bestudeer. Uit die oogpunt van 'n onvolledige bronnestudie is 'n herondersoek en hervertolking van die Afrikaner se kerklike verlede noodsaaklik.

Ook moet in gedagte gehou word dat meer dokumente met verloop van tyd vir navorsing oopgestel word of dat bronne meer toeganklik geword het deur bronnepublikasies en ander tegniese hulpmiddels, deur beter organisasie van argiefbewaarplekke, en dat wetenskapliker metodes vir rangskikking, ordening en die opstelling van inventarisse vir dokumentereekse aangewend word. Dit lei tot nuwe kennis oor oorsake, persone, gevolge van gebeurtenisse en betekenis van faktore, wat die insig verdiep, die begrip verhelder, die samehange beïnvloed en die hervertolking genoodsaak. So het die groter toeganklikheid en die wetenskapliker benutting van bestaande en nuwe bronne gelei tot 'n groeiende verruiming en verdieping van die beeld van die Groot Trek en die Transvaalse pioniersgeskiedenis. En dit is juis teen dié agtergrond wat die grondslae van die Transvaalse kerkgeskiedenis geskets moet word.

Dokumente is 'n komplekse gegewene waarin talle motiewe en samehange uitgedruk word wat nuwe aspekte van die werklikheid openbaar na mate nuwe vrae aan die verlede gestel word. Na mate die gemeenskap vorder in die tyd, ontstaan nuwe situasies, nuwe gesigspunte, nuwe perspektiewe wat noodwendig nuwe vrae aan die verlede stel. Al het die dokumente nie vermeerder nie, moet die ou bronne dikwels herinterpreteer word na aanleiding van die nuwe vrae wat gestel word. Dieselfde geld vir die feit dat vorige skrywers die betekenis van sekere faktore of kragte verontagsaam het. Indringende studies oor die Transvaalse pioniersgeskiedenis die afgelope paar dekades het soveel lig gewerp op die geografiese, maatskaplike, ekonomiese, konstitusionele en intellektuele faktore in die Transvaalse wordingsgeskiedenis dat die bestaande interpretasies van die Sinodekwessie van die vyftigerjare onvolledig en onaanvaarbaar geword het.

IV. Die voorgaande verfyning van die historiese metode en tegniek van kennisvorming oor 'n verledewerklikheid bevorder ook die hervertolkingsmoontlikhede. Daardeur — en met behulp van leen- of hulpwetenskappe — is groter uitlegmoontlikhede aan die dokumente verleen. Onkunde oor of verontagsaming van die metodes en tegnieke het gelei tot groot verskille tussen kerkgeskiedskrywers en tot onbevredigende beeldvorming van die verlede, met ander woorde tot swak geskiedskrywing. En soveel kerkgeskiedenis moet hervertolk word bloot omdat die bestaande, swak geskiedskrywing is. Daar is talle voorbeelde te noem, maar daar moet met enkele verwysings volstaan word.

Die swak toepassing van bronnekritiek — gepaard met onvolledige bronnestudie — het gelei tot die ontvouing van bevooroordeelde, partydige, skewe — selfs propagandistiese — voorstellings van die kerklike verlede, want die eksterne kritiek is verwaarloos en die interne kritiek is aan willekeurige behandeling onderwerp. Sonder in agneming van die segsmanne se kompetensieaanspraak, hulle tydsgebondenhede, emosionele gebondenhede en literêre gebondenhede is hulle getuienisse en oorleweringe as bewysmateriaal aanvaar en aangewend. Die verasiteitsvraagstuk is vir 'n groot mate geïgnoreer. Die indruk word gelaat dat die kritiese gees slegs aangewend is wanneer die „opposisie" se standpunte of sy segsmanne gewantrou is, maar selde om die „eie" getuienisse te ondervra en te ondersoek. So dikwels is uit die oog verloor dat 'n kritiese gees en verstand in die geskiedskrywing vereis word, wat twyfel as sy uitgangspunt het en wat nie slegs al die bronne nie maar ook die menslike lewe in die volheid van sy verskynsels deurvors het. Die kritiese gees moet gedra word deur die vermoë om die gevoelens en gewaarwordinge, emosies en reaksies van die mense aan te voel en ten volle in die gees van die tyd te leef.

Ter wille van die geskiedenis se aanspraak op wetenskaplikheid en ter wille van die bepaalde waardes en deugde wat deur die kerk gesimboliseer word, sal dié aspek deur 'n herskrywe van die kerkgeskiedenis reggestel moet word. Die mate van respek wat die ander wetenskappe en die gemeenskap teenoor die geskiedenis openbaar is primêr afhanklik van die gehalte van die geskiedskrywing.

Die elementêre reëls van veroorsaking, kausaliteit en die verhouding tussen die individu (leier) en die gemeenskap is verontagsaam. Die noodwendigheid, onafwendbaarheid en logiese ontwikkelingspatroon van dramatiese gebeurtenisse en betekenisvolle verskynsels en die rigtinggewende invloed van individue en die verloop van die gebeure kan nie weggeredeneer word nie, maar die gebalanseerde beeld van veroorsaking en die bydrae van individue in die dramatiese kerkgebeure ontbreek nog grootliks in die kerkgeskiedskrywing. Wie die Wes-Transvaalse Sinodebesluite van 1853 wil toeskryf aan die werk van 'n enkele individu (skaars 'n halwe jaar in die land!) openbaar sodanige onkunde en verontagsaming van pioniersdenkbeelde, pioniershartstogte en pionierskaraktertrekke dat sy geskiedenis net nie ernstig opgeneem kan word nie; wie die bogenoemde Wes-Transvaalse besluite as geldend vir die hele Oorvaalse gemeenskap bestempel en 'n ander regionaal-politieke groep se verset daarteen veroordeel as dwarstrekkery, moedswilligheid en obstruksionisme verraai ook sodanige onkunde oor en verontagsaming van die Pioniers se bestuursinstellings, konstitusionele reëlings en administratiewe gebruike dat sy geskiedenis oorgeskryf sal moet word; en wie geen verband sien tussen die kerklike verdeeldheid en die regionaal-politieke groepering binne die Oorvaalse gemeenskap nie se geskiedenis toon sodanige fundamentele gebreke dat dit hervertolk sal moet word. En die bestaande kerkgeskiedskrywing vertoon die gebreke. Dit was soveel makliker om die dramatiese gebeure aan die misdrywe of oorweldiging van individue toe te skryf as om die grondliggende faktore vir die gebeurtenisse te ontleed.

Oor dié aspek word volstaan met 'n paar opmerkings van die mate van objektiwiteit wat die bestaande kerkgeskiedskrywing openbaar. Oor die vraagstuk van subjektiwiteit en objektiwiteit in die geskiedskrywing is veelal geredeneer en geskryf — en dit sal steeds 'n probleem bly — maar daar is 'n groot mate van ooreenstemming by historici, teoretici en filosowe dat volkome objektiwiteit in die geskiedskrywing onmoontlik is, maar dat daar grade van subjektiwiteit is en dat sommige daarvan uitskakelbaar of vermydelik is. **Persoonlike gebondenhede** kan en moet uitgeskakel word. Deur die kritiese benadering van alle bronne, gefundeerde konklusies, logiese argumentasie en intellektuele integriteit, deur bewus te wees van sy voor- en afkeure, deur vooroordele te beteuel, deur verantwoordelik en eerbiedig teenoor die verlede te staan kan hy tot 'n gebalanseerde beeld van die verlede kom. Die uitskakeling van **groepsgebondenhede** is moeiliker, want dit berus op beginsels en oortuigings, maar ook die groepsentiment kan in toom gehou word.

Wanneer die historikus die verlede verkneg aan sy persoonlike of groepsbelang, wanneer hy dit benader met bevangenheid, met voorgestelde doelstellings en partytendense, wanneer hy die bronne selekteer en die gegewens rangskik om sy persoonlike standpunt en groepsbelang te dien, wanneer hy meespeel in die gebeure en sy eietydse waardes en standpunte op die verlede afdwing, dan meet hy met valse maatstawwe en bring skewe, eensydige, partydige en onbetroubare beelde te voorskyn.

Dat die verlede uit verskillende gesigspunte benader kan en sal word, is waar, dat die historikus 'n persoonlike standpunt sal inneem, is toelaatbaar, maar dan moet dit onder alle omstandighede wetenskaplik verantwoord kan word. Hy bly steeds gebonde aan die verledewerklikheid. In die opsig moet onthou word:

> „But the historian is not free to flip a coin to decide which criterion he will use; he is no more free to embrace any kind of interpretation than is the geographer free to assume that the earth is this or that shape." (Leucey).

Die meeste bestaande kerkgeskiedenisse is vir so 'n mate oorheers deur persoonlike- of groepstandpunte, en is vir so 'n mate die produkte van sanksies uit die verlede en opdragte uit die hede dat dit die opvatting beklemtoon dat die probleem van subjektiwiteit nie so seer 'n gevolg is van die leemtes in die verlede-as-verslag (die dokumente) nie, maar tekortkomings van die subjek (die navorser) is. En baie van die tekortkomings kan uitgeskakel word deur met 'n hervertolking die klem te verskuif van **apologetiek** na die **verskynsel** van kerklike verdeeldheid in die negentiende eeu. Daarom is dit te betreur dat 'n klompie jare gelede slegs **een** kerkhistorikus op hoogs uitsonderlike en onredelike wyse van apologetiek en ander onwetenskaplike bedrywe beskuldig is. Dit sou meer „wetenskaplik" gewees het as daar destyds aangedring is op die hervertolking van die negentiende-eeuse kerkgeskiedenis.

V. Maar daar is ook 'n ander faktor wat die geskiedskrywing beïnvloed — wat die keuse van gegewens uit die krities benaderde bronne, die interpretasie van die geselekteerde gegewens en die betekenisvolle faktore agter die gebeurtenisse en die sintese van die gegewens in 'n geordende aanbieding beïnvloed. Dit is die historikus se filosofie van die geskiedenis. En elke historikus hou 'n filosofie van die geskiedenis daarop na — om dit te betwyfel, is sinoniem om sy intelligensie te bevraagteken. Geen historikus kan sy opvattings oor die sin en betekenis, die doel en waarde van die geskiedenis verberg wanneer hy onderrig of skryf nie. Sy lewens- en wêreldbeskouing beïnvloed onbewus sy vertolking, oordele oor persone, waardes, samehange en singewing aan die gegewene sodat die beeld wat hy van die verlede skep mede-bepaal word deur sy hedebelewinge. Namate die strominge van die tyd verander, verander die vraagstelling aan die verlede en dit bring noodwendig hervertolking mee. So baie geskiedenis word herskryf, omdat die bepaalde historikus se filosofie van die geskiedenis verwerp word en 'n ander filosofie in die plek daarvan gestel word.

Die huidige geslag vir wie die negentiende eeu nie meer lewende verlede is nie, vir wie die sanksies van die verlede nie meer in dieselfde mate geld as vir die vorige geslag historici nie(hoeveel sanksies van die verlede het die Afrikaner nie gedurende die afgelope paar dekades vernietig niel?) benader die negentiende eeu nie meer emosioneel nie, maar intellektueel. Dit gaan nie meer oor die regverdiging van 'n groepstandpunt (watter kerk die oudste is of alleenbestaansreg het, of wie se naam korrek is nie, wie gesondig het met die sinodebesluite van 1851-1855 of tydens die kerkverneniging van die tagtigerjare nie) maar oor 'n begrip van die oorspronge en die redes vir die huidige verskynsel van kerklike groepering. Dit wil verstaan word as verlede-werklikheid wat aan die wortel lê van 'n hedendaagse verskynsel in die Afrikanergemeenskap.

Al sou die bestaande kerkgeskiedskrywing geen leemtes van metodiese en tegniese aard toon nie, al sou daar geen addisionele bronne beskikbaar wees nie, dan nog sal die nuwe benadering vanuit 'n verdere staanplek in die tyd 'n hervertolking meebring.

> „Elke nuwe benadering uit 'n ander tyd, op grond van ou en nuwe bronne, is tegelyk **hersiening** van die bestaande, of uiteensetting daarvan, en dus hervertolking. Solank die geskiedskrywing bestaan, sal daar hervertolking wees. Elke tyd of periode vertolk en hervertolk en skep sy eie voorstelling van die verlede. Daardeur word die verlede op sy reis met die voortgaande tyd altyd dieper en veelsydiger verstaan." (Van Jaarsveld).

VI. Bostaande opmerkings is gemaak met die grootste agting, waardering en erkentlikheid teenoor vorige arbeiders in die veld van die kerkgeskiedskrywing. Sommige van hulle was ware pioniers en het baanbrekerswerk van die eerste rang verrig. Maar die wetenskap ken geen sentiment nie — dit oorweeg beswaarlik versagtende omstandighede. Ou hout moet uitgekap word, leemtes moet aangevul word, die wetenskap moet steeds groei, die horisonne moet steeds verder gestoot word, die akker moet nie slegs wyer aangevoor word nie, maar intensiewer bewerk word.

Maar wie sal ons stuur?

Die hervertolker van die Transvaalse kerkgeskiedenis sal teoreties en filosofies so volleerd moet wees, sal oor soveel insig en gebalanseerde oordeelsvermoë, oor soveel oortuigingskrag, verantwoordelikheidsin, afgetrokkendheid, integriteit, getemperde verbeeldingskrag, ensiklopediese kennis . . . oor soveel gawes moet beskik dat daar by die skrywe hiervan 'n voortdurende huiwering was oor die aanbeveling van sodanige hervertolking. Selfs St. Thomas Aquinas se gebed vir 'n geleerde blyk onvoldoende te wees vir die aanvaarding van sodanige taak . . .

> „Grant me the sharpness in understanding, sagacity of interpretation, facility in learning and abundant grace in expression."

Want daar is soveel plofstof in die kerkgeskiedenis ingeskryf, daar is soveel legendes geskep en die ontstaan en bestaan van die afsonderlike Afrikaanse kerke is so gemoeid met die histories bevrore negentiende eeuse verdeeldhede, partyskappe en twiste dat dit 'n byna bomenslike taak sal wees om die vertolker (of sy navolgers) van 'n bepaalde kerk se geskiedenis te oorreed tot die hersiening van die tradisionele beeld.

Moontlik sal die grondslag vir die sukses van sodanige hervertolking reeds gelê wees as die historikus in gedagte hou . . .

> „In the case of the dead, who cannot defend themselves, care is more necessary in weighing evidence than in the case of the living . . . " (Kellett).

of:

> „To be just to other men, then, is the historian's almost impossible task." (Kellett).

of:

> „If I tell the truth, I offend many; if I tell falsehoods I offend God." (Paris).

Die Grondslae van die Perswese

Deur CARL NÖFFKE, Hoofredakteur van Die Transvaler.

Die joernalistiek is haastige letterkunde, het Matthew Arnold een keer opgemerk.

Ja, dit is gewis haastige letterkunde waarby met die oog op die horiosie wat altyd wakker aanstap, getrag moet word om aan die leser 'n duidelike, betroubare en nogtans leesbare weergawe van die belangrikste gebeurtenisse te gee.

Die goeie joernalis moet die merkwaardige, onderskeidende en belangrike vir sy leser op skrif vaslê.

Die grondslag van die joernalistiek moet die eerlike weergawe wees. Daar is talle koerante wat aan die vereiste v o l d o e n, maar ongelukkig is daar ook duisende in die wêreld wat geen ander rol vervul as nuus op 'n gekleurde wyse op te dis nie.

Shakespeare se Henry VIII spreek hom as volg oor die eerlike joernalis uit:

> I wish no other herald
> no other speaker of my living actions,
> To keep mine honour from corruption
> But such an honest chronicler.

Die eerlike koerant berus op die onvervreembare beginsel van eerlikheid en noukeurigheid. Sonder dat daar vertroue is in die geloofwaardigheid van 'n koerant, kan hy nie voortbestaan nie. 'n Koerant moet eerlik wees teenoor homself, teenoor sy beginsels en teenoor sy lesers.

'n Koerant tree nie in 'n lugleegte op nie. Hy is onafskeidbaar deel van die gemeenskap wat hom lees. Hy kan aangeval word, getrotseer word en selfs uit sekere huisgesinne verban word, maar as 'n koerant voortbestaan, vervul hy nogtans op die een of ander wyse 'n funksie in die gemeenskap, al is dit ook 'n negatiewe rol. Die enigste manier waarop 'n gemeenskap op doeltreffende wyse van 'n indringer ontslae

kan raak, is deur hom die huis te verbied. Dit gaan ook so met koerante. 'n Koerant wat onaanneemlik is, word nie gelees nie, en hy verdwyn. Dikwels vind 'n mens die verskynsel dat 'n groot deel van die gemeenskap 'n bepaalde koerant skerp aanspreek en veroordeel, maar dat die koerant nogtans goed gekoop word. Dit bring aan die lig dat, terwyl daar seker mense is wat die bepaalde koerant nooit onder enige omstandighede sal lees nie, daar tog duisende mense is wat die koerant verslind. Dit kan wees dat hulle die betrokke koerant lees om in 'n politieke bui te kom, of dat hulle moontlik in die een of die ander aspek van sy nuusaanbieding belangstel, moontlik in skindernuus, of sekere onthullinge oor wandade.

Wat sy redaksionele beleid ook mag wees, geen koerant kan sonder die steun van die gemeenskap bly voortbestaan nie. 'n Koerant het lesers en adverteerders nodig, en hy kan nie advertensies kry as hy nie lesers het nie. Die leser betaal 5c vir 'n dagblad en dieselfde koerant kos die uitgewers 12c per eksemplaar. Dit is gevolglik hoofsaaklik die advertensie-inkomste wat die leser in staat stel om 'n spieëlbeeld van die dag se binne- en buitelandse nuus gerieflik saamgevat te lees. Die adverteerder stel belang daarin om 'n bepaalde groep verbruikers te bereik, en daar word van wetenskaplike metodes gebruik gemaak om vas te stel wie 'n bepaalde koerant lees.

Wat ons houding dus ook teenoor sekere koerante is, ons moet in ag neem dat die blote feit dat hulle verskyn en druk gelees word, beteken dat hulle êrens aanspraak het op 'n hoekie in die gemeenskap.

'n Koerant se voortbestaan word ook bepaal deur die wyse waarop hy daarin slaag om 'n sekere gesigspunt te vertolk. Die soort koerant wat vandag die een standpunt inneem en môre die ander een, kan nie lank voortbestaan nie, want hoewel sommige lesers deur sensasienuus aangelok word, soek hulle nogtans iets verder in 'n koerant, naamlik 'n bepaalde boodskap. Daar is nie sprake van dat 'n koerant wat 'n bepaalde standpunt ingeneem en daarvoor bekendheid verwerf het, meer lesers kan verkry deur byvoorbeeld 'n redaksionele ommeswaai te maak nie. Laat my dit toelig met 'n verwysing na Brittanje. Etlike Britse dagblaaie het in onlangse jare verdwyn, nadat hulle in een stadium groot dagblaaie met 'n afset van honderdduisende en selfs miljoene was. In nie 'n enkele geval is die afset van die koerante vergroot nadat geprobeer is om nuwe lesers by te kry deur sy politieke standpunt te wysig nie, al was dit ook in 'n mindere mate.

Die verklaring daarvoor lê voor die hand. Lesers word deur 'n bepaalde kenmerk van 'n koerant aangelok en raak geheg aan sy standpunt, al is dit ook om die genot te ervaar om met die politieke standpunt van die koerant te verskil. Wanneer die koerant dus van politieke standplaas verwissel, vererg die gevestigde lesers hulle, en in die meeste gevalle lees hulle nie langer die koerant nie. Die nuwe teikengebied blyk ook onbereikbaar te wees, want die groep mense wat as potensiaal vir die nuwe denkwyse dien, staan skepties teenoor die geloofwaardigheid van die koerant wat van politieke standpunt verander het. Die gevolg is dat 'n koerant wat 'n nuwe beeld nastreef ten einde sy lesertal te verruim, dikwels sy aansien verloor en boedel moet oorgee.

In Suid-Afrika is daar min voorbeelde van koerante wat vandag sus en môre so sê. Die meeste van ons koerante het 'n vaste standpunt, en hulle lesers verlang ook dat dit so moet wees.

'n Vaste standpunt beteken natuurlik nie dat 'n koerant hom onverbiddellik teen verandering moet verset nie. 'n Koerant weerspieël sy tydsgewrig en die bepaalde besonderhede en vraagstuk van daardie tydperk. Aanpassinge is beslis nodig, maar binne die raamwerk van die beleid wat die koerant verkondig. Standvastigheid en die behoudendheid gaan hand aan hand, maar dit is die standvastige wat altyd ondersoek en altyd ontleed en wat 'n mening uitspreek wat op die werklikheid en nie op 'n dwaalleer berus nie.

Niemand moet die invloed van die pers geringskat nie, maar dit is ook nodig om daarop te wys dat niemand die invloed van die pers moet oordryf nie. In talle lande van die wêreld, Suid-Afrika inkluis, is regerings aan die bewind van sake wat nie die meerderheid van die koerante aan hulle kant het nie. Dit is belangrik om steun van koerante te verkry, maar wat die finale deurslag gee, is die doodgewone gesonde verstand van die leser. Verder moet in aanmerking geneem word dat politieke berigte en artikels nie noodwendig deur alle lesers gelees word nie. Die gemiddelde leser peusel hier en peusel daar, sonder om op een slag die volle inhoud van 'n koerant in te neem.

Die pers is nie 'n reinigings- of bleikmiddel nie. As iets swart is en 'n koerant gee voor dat dit wit is, sal niemand die koerant vertrou nie. 'n Koerant bly voortbestaan omdat sy lesers vertroue in hom het en in die diens wat hy verskaf, of dit nou om rede van sy hoofartikels of sy weerberigte is. Geen koerant kan bly voortbestaan sonder 'n band tussen hom en sy lesers nie. Dit is moeilik om die verwantskap te omskryf, want dit wissel van koerant tot koerant. Die belangrikste is dat 'n leser behoefte moet hê aan die dienste wat 'n koerant lewer, maar dit beteken nie dat hy noodwendig saamstem met die menings van die koerant nie.

'n Koerant tree nie onverbonde van sy gemeenskap op nie. Hy is aan dieselfde wette en beperkinge as die individu blootgestel, en in sommige gevalle is daar nog meer beperkinge op hom as op Jan Publiek gelê. Elke koerantredakteur moet toesien dat sekere wetlike bepalinge wat op die koerantwese betrekking het, nie in sy kolomme oortree word nie, en as dit gebeur, is hy met die gereg slaags.

Suid-Afrika word dikwels uit linkse oorde daarvan beskuldig dat hier nie persvryheid bestaan nie, maar dit is nie korrek nie. Elke buitelandse besoeker wat hier beland, spreek sy verbasing uit oor die vryhede wat sekere koerante hulle veroorloof, en ek moet erken dat ek geneig is om ook soms verbaas te wees oor die mate waarin sommige van ons koerante die beginsel van persvryheid rek. Die Suid-Afrikaanse koerante het net soveel beweegruimte as enige ander Westerse koerant. Wat wel hier by ons in sommige gevalle ontbreek, is 'n gevoel en besef van patriotisme en van diens aan jou vaderland.

Ek laat my nie vertel dat daar minder persvryheid in Suid-Afrika as in Brittanje bestaan nie. Die teenstanders van die Suid-Afrikaanse Regering verwys dikwels na wetgewing wat beriggewing oor sekere aangeleenthede verbied — waarvan die belangrikste die uitlatinge van genoemde Kommuniste is — en dan gee hulle te kenne dat daar nie persvryheid in ons land bestaan nie. Dit is gewis nie juis nie. In elke land bestaan daar middele om persdissipline te verseker, want persvryheid veronderstel ook verpligtinge. In Brittanje was daar enkele jare gelede byna 'n opskudding toe 'n koerant sekere inligting geplaas het wat as geheim geklassifiseer was. Die Britse publiek het toe kennis geneem van die werking van die sogenaamde „D-Notice"-stelsel in dié land, wat daarop neerkom dat die Britse Regering koerante inlig en aan hulle voorskryf oor inligting wat die veiligheid van die land raak.

Die betrokke koerant het openbaar gemaak dat kabels, telegramme en ander stukke wat Brittanje verlaat, deur sensors nagegaan word om te verseker dat daar nie sekuriteitsvergrype is nie.

Dieselfde waaksaamheid bestaan in die meeste lande, en dit is ook korrek dat dit so moet wees. Die uitgangspunt in al die lande, en ook in Suid-Afrika is, dat die pers vry, maar ook verantwoordelik, moet wees. 'n Koerant kan beslis nie op bandeloosheid aandring nie.

Om op te som: ek sien dit as die taak van 'n koerant om op 'n verantwoordelike wyse oor die belangrikste nuusgebeurtenisse verslag te doen, om duidelik te onderskei tussen nuus en kommentaar, om die lig- en die skadukolle aan te dui, maar op so 'n wyse dat die leser besef dat die ergste skadukolle veelal net op die rand van die gemeenskap aangetref word en nie die gemeenskap as sodanig weerspieël nie — om met 'n sterk gevoel van verbondenheid met kerk, volk, land en taal besiel te wees en om nie te huiwer om die standpunt te stel en desnoods te verdedig nie. My uitgangspunt is dat 'n koerant se redaksie eerlik moet wees en nie met skewe voorstellinge moet kom nie.

Na dié norme beoordeel, voldoen die Afrikaanse dagblad aan die vereistes wat aan 'n goeie dagblad gestel word, naamlik objektiwiteit, eerlikheid, 'n onkreukelbare standpunt en 'n strewe om land en volk te dien. Die leser kan self 'n proefneming doen. Hy kan die norm van geloofwaardigheid, van betroubaarheid, van nuuswaardigheid, van eerlikheid, van volks- of landsdiens stel, en telkens sal die Afrikaanse dagblad in die toets slaag. As in aanmerking geneem word dat die Afrikaanse koerant ongelyke behandeling ontvang wat die advertensiebegrotings betref, is die diens wat aan lesers gelewer word, van die heel beste. 'n Koerant moet getoets word nie aan die getal bladsye nie, maar aan die getal nuuskolomme en die wyse waarop die beskikbare ruimte benut word.

Ons, Afrikaners, kan gelukkig wees dat ons oor 'n pers beskik wat stoflike gewin nog nooit hoog op die voorranglys geplaas het nie. Die Afrikaanse perswese dien die volk waaruit hy spruit en sonder wie hy nie kan voortbestaan nie. Die Afrikaanse perswese spruit uit die Afrikaner en is onlosmaaklik deel van die Afrikaner se godsdiens, kultuur en politiek, en so weerspieël die Afrikaanse dagblaaie veelal die gesindheid en beskouing van 'n gelowige volk.

SO KOM HULLE – SO GAAN HULLE

(Sommige nog in die lewe — ander reeds heengegaan).

DS. DIRK VAN DER HOFF

Die regte pionier as eerste predikant in Transvaal en lank die enigste. Gebore 18 Augustus 1852 in Den Haag. Op Potchefstroom bevestig 1853. Oorlede 1881 steeds in die tuig.

DS. A. J. BEGEMANN

Tweede predikant van Transvaal en eerste van Pretoria waar hy in 1861 bevestig is en in 1872 emeritaat aanvaar het. Oorlede 1925.

TWEE WAT IN DIE VERWARRING VAN KERKVERENIGING ENDUIT BY DIE KERK BLY STAAN HET

DS. G. W. SMITS

Georden in Den Haag 1860 en op Rustenburg bevestig 1861. Emeritus 1886 en is oorlede in 1894.

DS. C. W. DU TOIT

Kom uit die Ned. Geref. Kerk om hom permanent by die Hervormde Kerk te voeg. (Hanover 1869, Pearston 1875, Kruisvallei 1876) Potchefstroom 1883, emeritus 1918. Hy is in 1932 oorlede.

DS. S. P. VILJOEN ONVERWAGS HEEN

(4 Mei 1911 — 11 Junie 1971)

Met die heengaan van ds. Fanie Viljoen het die kerk een van sy goeie predikante met 'n mooi en toegewyde lewe verloor.

Hy is in 1936 as predikant van die kerk georden en het agtereenvolgens gedien in Durban (met sy kombinasie gemeentes wat die hele Natal omvat het); daarna was hy in Zeerust (1939), Brixton (1944), Wonderfontein (1952), Lydenburg (1956) en Delmas (1963).

Ds. S. P. Viljoen

As predikant was hy besonder geliefd in al sy gemeentes. Ons was vir baie jare in buurgemeentes in Johannesburg werksaam, en dit het my toe reeds getref hoe die gemeentelede een en almal met groot liefde en agting teenoor ds. Viljoen opgetree het. Hy het my ook opgevolg in die gemeente van Lydenburg, en dit is veral vanuit dié gemeente dat ons soveel gehoor het van sy goeie werk, van sy opregte meelewing met almal.

In sy prediking het hy oor die gawe beskik om die harte te raak, nie omdat hy sentimenteel was nie, maar omdat hy uit eie lewenservaring die troos van die evangelie kon oordra.

Die gemeentes waar hy gewerk het sal baie jare nog met groot waardering dink aan sy vriendelikheid, sy meelewing met almal en sy kragtige prediking van die evangelie van genade in Christus Jesus.

In die kerk op breëre vlak het hy ook steeds sy deel gedoen. Op Ringsvergaderinge was hy nie maar net teenwoordig nie, maar hy het deel gehad aan die vergaderinge. Hy was dan ook in verskillende Ringe van tyd tot tyd voorsitter. En hy het 'n vergadering altyd met waardigheid gelei.

Op baie ander Rade het hy gedien, soos die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Raad van Finansies, die Kuratorium, die Redaksie van die Almanak. In die verband moet ook gewys word op sy groot belangstelling in die geskiedenis van volk en kerk. Hy het dan ook baie gedoen in verband met die vaslê van historiese dokumente, geboue ensovoorts, foto's en kleurskyfies. Hierdie werk van hom sal nog lank van betekenis in die kerk bly.

As persoon was Fanie Viljoen 'n vriendelike, innemende mens. Dit was 'n voorreg om hom te ken en met hom te doen te hê. Sy vriendelikheid, sy gesonde humorsin, sy meelewing met ander, sal lank deur almal wat hom geken het, onthou word.

Hy was nooit iemand wat hom na vore gedring het nie. Sy beskeidenheid was kenmerkend. En tog het hy hom nie onbetuig gelaat waar hy êrens die kerk moes verteenwoordig nie. Ons sal hom as lid van die Algemene Kommissie onthou vanweë sy groot beskeidenheid, maar ook vanweë die stille invloed wat van hom uitgegaan het. As hy gepraat het, kon mens maar luister.

Dit spreek vanself dat hy 'n leë plek in kerk en gemeente laat. Maar veral sal hy in die kring van sy gesin gemis word. Daar het hy 'n grootse diens gelewer en sy diepste spore getrap. Sy kinders is nie net mooi gesonde kinders nie, maar veral goedgeaarde kinders, wat vroeg al geleer het om 'n plek in maatskappy en kerk te vul. Mag die herinneringe vir mevrou Viljoen en haar kinders so wees dat die leë plek wat in huis en harte gekom het, volgemaak word met die goeie en mooie wat hulle uit sy lewe kan onthou. En mag die God van barmhartigheid self in en deur Jesus Christus 'n woonplek in hulle harte kry, daar word hulle vertroos en gaan hulle met opgehefte hoof en verwagtende harte vorentoe. Want die pad loop nie dood nie, maar gaan na 'n ewige tuiste.

— DS. A. J. NOLTE.

Melville.

26 Julie, 1971.

'N OUD-ADMINISTRATEUR TER RUSTE GELÊ

Op die kruin van die Hoëveld in die rustige, plattelandse dorpie Dullstroom is 'n mooi, goedgeleë kerkhof, skoon, netjies en goed onderhou, omring deur hoë pragtige sipresbome. Dit is daar stil, weg van die gewoel en geraas deur mense en voertuie veroorsaak. Al wat die rus en stilte versteur is die wind wat saggies deur die sierlike bome ruis. Vir die besoeker is dit asof die rustigheid hom toeroep: Kom, rus hier!

Dit is hier waar 'n groot skaar familie en vriende ons oud-administrateur Johannes Henricus Hermanus Janson, Saterdag 31 Julie 1971 te ruste gelê het.

Mnr. J. H. H. Janson

Hy is in Nederland gebore in 1885 en het met sy ouers, die alombeminde egpaar T. N. H. Janson op 5-jarige leeftyd na Suid-Afrika verhuis en saam met ander immigrante in Dullstroom gaan woon. Hy en sy vader het 'n agentskapskantoor geopen en het later stadsklerk van die dorp geword. In 1928 is hy benoem as administrateur in die plek van wyle mnr. Rhoorda. Die gesin het toe na Pretoria verhuis en hy het sy werk gedoen in 'n kantoor in die Erasmusgebou op Kerkplein. Na 'n paar jaar het 'n ramp ons land getref deur die depressie veroorsaak. Geld het baie skaars geword. Baie predikante het aangebied om teen 'n kleiner traktement klaar te kom om vir die gemeentes verligting te bring in die groot geldelike nood. Mnr. Janson het in die begin van die dertiger jare gevra dat sy salaris ook verminder word en dat die kantoor verskuif na Dullstroom waar die huur veel laer is. Al die werk is verrig met die hulp van net een tikster, later is 'n tweede aangestel en toe die geldelike toestand verbeter het is mnr. Nel as sy assistent aangestel aangesien die werk wat gedoen moes word met die jare baie vermeerder het.

In 1950 is die kantoor weer na Pretoria verskuif. Na die voltooiing van die Generaal Andries Pretoriusgebou in Paul Krugerstraat het hy meer kantoorfasiliteite verkry wat by sy status as hoof van die kerk se administrasie beter gepas het.

Die werk het hy met groot toewyding en getrouheid verrig. Sy beminlike, vriendelike geaardheid, sy nederigheid, beskeidenheid, hartlikheid en opregtheid het hom gewild gemaak en hom baie vriende besorg. Vyande het hy bepaald nie gehad nie.

In 1956 het hy met pensioen afgetree na 'n lang en vrugbare loopbaan en het hy en sy eggenote weer na hulle geliefde Dullstroom verhuis.

Hy het hom egter nie uit die openbare lewe teruggetrek nie. Hy het onder andere tot sy dood bly dien op die Raad van Direkteure van Ons Tuis waarvan hy lid was sedert die stigting. Nie lank na sy aftrede het hy as ouderling van die gemeente Dullstroom lid geword van die H.E. Kommissie van die Algemene Kerkvergadering daarop hy etlike jare gedien het.

Hy was 'n man met 'n warm hart, 'n innige gelowige en 'n opregte, troue vriend. Dit was 'n voorreg om hom te geken het.

Soos hy gelewe het so het hy ook gesterwe, stil en in vrede.

„Salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hulle arbeid, en hulle werke volg met hulle."

— DS. T. F. J. DREYER SNR.

T. G. J. PISTORIUS

THEODOR GEORG JOSEPH PISTORIUS is gebore op 14 Mei 1886, getroud op 8 Junie 1910 met Anna Sophia Magdalena Stander, gebore 12 November 1891.

Na 49 jaar onafgebroke diens as kerkraadslid van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, beskik oom Theo oor 'n skat van herinneringe.

Oudl. T. G. J. Pistorius en eggenote

In 1922 word hy as diaken gekies in Pretoria (Du Toitstraat) vir die wyk Brits. Vir 5 jaar was dit sy onbenydenswaardige taak om hierdie wyk, wat gestrek het vanaf die Magaliesberge tot by Jerigo, Elandsfontein tot Rooikoppies in die weste te bearbei. Hy het saam met dr. Van Broekhuizen, ds. Vermooten en prof. dr. Rautenbach gewerk. Saam

met hulle, maar meeste alleen, moes hy te voet, per fiets of te perd deur lande en drade ry op soek na Hervormers.

Ja, „soek" was die woord en nie besoek nie. Die kanale vanaf die Hartebeespoortdam was in aanbou en onder die werkers was ook van ons gemeentelede. Hulle was egter baie verwaarloos en na veel gesukkel kon vasgestel word aan watter kerk hulle behoort. Daar was die „Romeinse Kerk", die „Gereformeerdste" Kerk en die „Afrikaanse" Kerk. Al uitweg was om te probeer vasstel wie die vorige dominee was.

In 1927 kom daar predikante en kerkraad by oom Theo aan. Op 'n hoop hout by sy huis sit hulle gemoedelik rond. Daar word daardie dag besluit om af te stig. Mnr. Wichman, eertydse hoof van die Laerskool op Brits was so vriendelik om die skool tot hulle beskikking te stel vir gebruik van kerkdienste. Ds. Vermooten word gedeel met Pretoria totdat Brits in staat is om te beroep. Nou het dit beter gegaan. Daar was nou 'n volle kerkraad. Meer arbeiders in Gods wingerd. Geseënd was hulle swakke pogings. Lede wat intussen na ander kerke oorgegaan het, het weer teruggekom. Deur al die lief en leed het die kerk en gemeente gegroei tot die magtige reus wat dit vandag is.

Nadat die skool te klein geword het, het hulle 'n ou militêre barak op Voortrekkerhoogte gekoop, afgebreek en dit op Brits kom inrig as kerkgebou. (Nog te sien by Spannenberg, Brits). Na dr. P. W. Venter is ds. Wolmarans beroep waar toe weer oorgegaan is tot afstigting van die tweede gemeente, naamlik Hartebeespoort. Nadat die gemeente verdeel is, kies oudl. Theo Pistorius die dogtergemeente. Geen predikant en geen kerk met slegs die bate wat deur die moeder aan die dogter afgestaan is. Nou begin die „lekker" gesukkel om fondse in te samel. Daar was 'n doel om na te streef en weer eens, soos met die Brits gemeente, dien oom Theo op die finansiële kommissie asook op die boukommissie. Dr. Le Roux word beroep en spoedig verrys die pragkerk. Na hom volg ds. Dreyer, ds. Mouton, ds. Willem Bezuidenhout en laastens die huidige pastoriepaar, ds. en mev. Geyser. Die twee gemeentes bestaan na 43 jaar uit 'n ledetal van 814 en 1244 onderskeidelik.

Twee keer was ouderling Theo ook in die tronk vir sy vaderland. As krygsgevangene in 1902 en 1914 as rebel.

Oom Theo se huwelik met Anna Stander was 'n geseënde verbintenis. Tant Annie was 'n stigterslid van die N.H.S.V. en dien tot op datum die vereniging trou.

Niks was ooit vir hierdie moedige vrou te veel as dit haar Kerk mag baat nie. Sy het haar alles en alles vir haar Kerk gegee. Sy het alles gedoen wat haar hande kon vind om te doen en dit met groot ywer deurgevoer. 'n Pragtige voorbeeld is sy vir die jonger vroue van die Kerk.

Uit die verbintenis is 7 kinders, 24 kleinkinders en 9 agterkleinkinders gebore.

Ons huldig hulle as getroue en besadigde mense, beslis in hulle optrede en onwrikbaar in hulle oortuigings. Met al hulle vermoëns en hulle kragte het hulle die Ned. Hervormde Kerk van Afrika getrou gedien. Vir die gemeente is dit waarlik 'n gawe uit Gods hand om twee sulke mense nog in hulle midde te mag hê.

Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van God maak en hy sal daar nooit weer uitgaan nie.

— INGESTUUR.

WYLE OUDERLING GERRIE ROSSOUW: 'N WAARDERING

„Die man wat die Bybel in sy kop gehad het"; die man wat vir 53 jaar katkiseermeester was; die ouderling wat vir twee weke lank kon katkiseer sonder om ooit in die Bybel te kyk; so 'n man, hierdie man was oom Gerrie Rossouw, in lewe kerkraadslid in die gemeente van Wolmaransstad, vanaf 1905 tot 1958.

Oudl. Gerrie Rossouw en eggenote

Sy lewe:

Gert Stephanus Rossouw is gebore op die 7de Februarie 1882 uit 'n stoere Hervormde huisgesin (sy vader Gabriël Rossouw was self ook ouderling in die gemeente Wolmaransstad). Van kindsbeen af is hy geskool in die leer en teologie van die kerk van die vaders en in hom het daar 'n besondere liefde gegroei en geleef vir sy kerk. Op die 7de November 1904 is hy getroud met Aletta Sophia Fredrika van Niekerk — 'n huwelik waaruit daar sewe kinders gebore is, waarvan die jongste seun, Piet, reeds vir baie jare op dieselfde kerkraad dien. Altans dit was hom beskore om nog saam met sy oorlede vader op dieselfde kerkraad te dien. Na die oorlye van oom Gerrie se eerste vrou is hy weer getroud met die weduwee Anna Benade, wat twee maande na hom in 1958 oorlede is.

Sy werk in die Kerk:

In 1905 is br. Gerrie Rossouw verkies tot diaken en op 27.4.1918 tot ouderling — 'n amp wat hy tot met sy dood in 1958 beklee het. Vanselfsprekend lê daar in hierdie dienstyd van 53 jaar — meer as 'n

